Die netto invloeiing van kapitaal uit die buitenland gedurende die tweede helfte van 1982, is in die loop van die eerste kwartaal van 1983 omgekeer. Dit was deels

te wyte aan 'n netto uityvloeiing van langtermynkapitaal vanaf die private sektor, meesal in die vorm van die repatriasie van fondse deur buitelanders na die afskaffing van valutabeheer oor nie-inwoners. Daarbenedienens het 'n omskakeling vanaf buitenlandse na binnelandse bronse van handelsfinansiering teen die einde van Februarie en gedurende Maart tot 'n netto uityvloeiing van korttermynkapitaal gedurende die eerste kwartaal in sy geheel gelei. Die oorskot op die betalingsbalans in sy geheel in die tweede helfte van 1982 is derhalwe in die eerste kwartaal tot 'n heelwat kleiner omvang verminder. Gevolglik het die netto goud- en ander buitenlandse reserwes, wat gedurende die tweede helfte van Februarie en in Maart 'n skerp afname getoon het, in die eerste kwartaal slegs matig gestyg. Dit het met 'n effense verdere appresiasi van die rand teenoor ander geldeenheide gepaard gegaan.

Ten spyte van die negatiewe koers van reële ekonomiese groei en die verbetering in die lopende rekening van die betalingsbalans, het die Minister van Finansies aan die einde van Maart in sy Begrotingsrede tot die gevoldtrekking gekom dat 'n reflasiebeleid onvanpas sou wees. Die rede was dat die verlaging van die inflasiekoers en die heropbouing van die netto buitenlandse reserwes as 'n noodsaaklike deel van die voorbereiding vir die volgende sikiiese opswaai in die ekonomie beskou word. Die ekonomiese beleid sou egter deurlopend by veranderende omstandighede aangepas word. Aanpassings is reeds teen die einde van 1982 gemaak toe die monetêre owerhede doelbewus 'n sekere toename in die likwiditeit en 'n aansienlike daling in rentekoerse toegelaat het.

Die koers van toename van die breë geldhoeveelheid het in die eerste kwartaal van 1983 'n versnelling getoon. 'n Kombinasie van 'n styging in die netto goud- en ander buitenlandse reserwes van die monetêre banksektor en 'n toename in hierdie sektor se eise teen die private nie-banksektor was hoofsaaklik vir hierdie verdere monetêre uitbreiding verantwoordelik. Boonop het die inkrimpende uitwerking op die geldhoeveelheid van 'n afname in die netto bankkrediet aan die regeringsektor gedurende 1982 in die eerste kwartaal van 1983 grootliks verdwyn as gevolg van 'n skerp toename in hierdie vorm van krediet gedurende Maart. Beskou oor 'n effens langer tydperk, het die koers van toename in die breë geldhoeveelheid tussen Maart 1982 en Maart 1983 17 persent beloop, wat ongeveer in ooreenstemming was met die toename gedurende 1982 en aansienlik laer was as dié van 1980 en 1981.

Gedurende die eerste kwartaal van 1983 en die daaropvolgende tydperk was die geldmark onderhewig aan sterk afwisselende uitbreidende en inkrimpende invloede. 'n Skerp toename in die Reserwebank se netto buitenlandse reserwes gedurende Januarie en die groot-

ste deel van Februarie is gevvolg deur die gebruiklike seisoenale beweging van belastingfondse na die Regering oor die Februarie-maandeinde en 'n aansienlike afname in die Reserwebank se netto buitelandse reserwes gedurende Maart. Gedurende April het hierdie reserwes weer toegeneem voordat hulle in Mei weer eens gedaal het, en dit het met 'n hoër vlak van owerheidsbesteding gepaard gegaan. In hierdie omstandighede moes die Reserwebank sy bedrywigheid in die mark voortdurend aanpas om groot skommelings in die marktoestand en rentekoerse uit testryk en terselfdertyd 'n oormatig groot uitbreiding van die geldhoeveelheid te voorKom. Geldmarkrentekoerse het hulle afwaartse beweging, wat in September 1982 begin het, tot die middel van Februarie voortgesit maar in die daaropvolgende tydperk gestyg. Die hernieuwe styging het in 'n groot mate 'n verandering in rentekoersverwagtings weerspieël. Die verwagting dat rentekoerse hulle vinnige daling sou voortsit het aanmerklik verander as gevolg van die skerp daling in die goudprys en die ommekeer in die netto kapitaalinvloeiing vanaf die buiteland gedurende die laaste deel van die tweede kwartaal.

Die kapitaalmark is in die eerste vyf maande van 1983 deur 'n groter beskikbaarheid van fondse gekenmerk. Dit is meegebring deur 'n kombinasie van 'n verdere uitbreiding van die likwiditeit in die ekonomie en 'n verlangssaming van die vraag na fondse vir die financiering van reële ekonomiese bedrywigheid. Die groter beskikbaarheid van fondse het tot hoë vlakke van bedrywigheid in al die afdelings van die mark aanleiding gegee. Die daling in die langtermynopbrengskoerse in die mark vir vaste-rentedraende effekte is nietemin gedurende Februarie omgekeer, hoofsaaklik vanweë die verandering in rentekoersverwagtings. Opbrengskoersvlakte was derhalwe in Mei aanmerklik hoër as in Desember 1982. Op die aandelemark het pryse skerp geskommel maar het per saldo in die eerste kwartaal gestyg voordat 'n opwaartse neiging gedurende April en Mei hervat is. In die verbandmark en mark vir vaste eiendom is die groter beskikbaarheid van fondse weerspieël in 'n skerp styging in verbandlenings en 'n verdere toename in die waarde van transaksies in vaste eiendom.



Binnelandse ekonomiese bedrywigheid*

Verdere afname in reële binnelandse produksie

Die nasionale rekeninge-ramings vir die eerste kwartaal van 1983 duif op 'n voortsetting van die resessietoestand in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die reële bruto binnelandse produk het 'n taamlik groot afname getoon wat nie slegs 'n afname in die reële landbouproduksie nie, maar ook 'n afname in die reële produk van die nie-landbousektore weerspieël het.

Die afname in die reële landbouproduksie het tot nog toe nie die uitwerking van die ernstige droogtetoestand op die someroeste weerspieël nie, maar slegs 'n afwaartse aanpassing vanaf die hoë vlak van produksie in die vierde kwartaal van 1982, toe rekord wintergraanoeste ingesamel is. In die nie-landbousektore is aansienlike afnames in die reële produk van die fabrieksweese en die groot- en kleinhandel aangeteken, hoofsaaklik as gevolg van die volgehoue afname in die reële binnelandse vraag. Die enigste sektore wat 'n toename in reële toegevoegde waarde getoon het, was nie-goudmynbou, die motorhandel en algemene owerheids-

Reële bruto binnelandse produk



* Kwartallikse veranderings is op seisoensaangesuiwerde gegevens gebaseer.

dienste. Die hoër reële produksie van die nie-goudmynbousektor was veral opmerklik in die produksie van koper, chroom en platina, maar dit is nie in hoër uitvoere weerspieël nie maar in 'n opbouing van voorrade. Grooter verkope van motorvoertuie en 'n styging in werkverskaffing was onderskeidelik verantwoordelik vir die hoër reële toegevoegde waarde van dié motorhandel en algemene owerheidsdienste.

Suid-Afrika se ruilvoet het in die eerste kwartaal van 1983 hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in die goudprys verder verbeter. Die uitwerking van hierdie verbetering is egter deur 'n toename in die reële netto faktorbetalings aan die res van die wêreld geneutraliseer. As gevolg hiervan het die reële bruto *nasionale* produk teen naasteby dieselfde koers as die reële bruto *binnelandse* produk afgeneem.


Die toename in die *nominale* bruto binnelandse produk het in die eerste kwartaal van 1983 verder verlangsaaam tot 'n betreklik lae syfer. Dit was te wyte aan die volgehoudende verlangsaming van die toenames in die salaris en lone as gevolg van die ruimer toestand in die arbeidsmark, en 'n werklike afname in die totale bruto bedryfsurplus. Laasgenoemde afname het met laer landbou-inkome en die afname in die netto winste van nywerheids- en handelsmaatskappye verband gehou.

Skerp afname in reële bruto binnelandse besteding

Net soos in die voorafgaande drie kwartale, het die reële bruto binnelandse besteding in die eerste kwartaal van 1983 gedaal. Vir die tweede opeenvolgende kwartaal het afnames in al die hoof-bestedingskomponente voorgekom. Die volgehoudende daling in die bruto binnelandse besteding het in 'n groot mate die negatiewe reële ekonomiese groeikoers verklaar.

As die vernaamste bestedingskomponente in oënskou geneem word, was die afname in die reële private verbruiksbesteding in die eerste kwartaal die netto gevolg van afnames in die besteding aan duursame en semi-duursame goedere en klein toenames in die besteding aan die meer noodsaklike nie-duursame goedere en dienste. Hierdie bestedingspatroon het duidelik die reaksie van verbruikers op 'n afname in reële persoonlike beskikbare inkome weerspieël. Die besnoeiing in die reële verbruiksbesteding aan semi-duursame goedere was veral merkbaar in die kategorie klerasie en skoessel, terwyl die verdere afname in die besteding aan duursame goedere bykans in alle kategorieë weerspieël is. Daar was slegs in die geval van persoonlike vervoertoerusting 'n klein toename in reële besteding. Reële owerheidsverbruiksbesteding het vir die derde opeenvolgende kwartaal gedaal, maar die hoofkomponente daarvan het in die eerste kwartaal uiteenlopende veranderings getoon. Reële salaris en lone wat werkverskaffing deur die algemene owerheid weerspieël, het matig toegeneem, terwyl reële besteding aan goedere en ander dienste gedaal het. In die eerste kwartaal van 1983 was die vlak van laasgenoemde besteding onge-

Bruto binnelandse besteding teen konstante 1975-pryse



veer 25 persent laer as die hoogtepunt wat in die tweede kwartaal van 1982 bereik is.

Die afswaai in reële bruto binnelandse vaste investering vanaf die tweede kwartaal van 1982, het in die eerste kwartaal van 1983 voortgeduur. 'n Klein toename in die private sektor se reële vaste investering is meer as geneutraliseer deur afnames in die reële vaste investering van die openbare owerhede en openbare korporasies. Die toename in die reële vaste investering van die private sektor was die gevolg van hoër besteding aan goudmynbou-installasies en handels- en woongeboue. Woningbou het aansienlik baat gevind by die groter be-

skikbaarheid en laer koste van fondse in die verbandmark.

Die afname in reële vaste investering van openbare owerhede was grotendeels die gevolg van 'n skerp afname in besteding deur die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste. Besteding deur die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese en investeringsuitgawes aan owerheidsbehuisingskemas en algemene owerheidsdienste het in die eerste kwartaal in werklikheid toegeneem. Die laer reële kapitaaluitgawes deur die openbare korporasies was toe te skryf aan die kleiner besteding van Sasol en Yskor, wat die groter besteding deur Evkom meer as geneutraliseer het.

Die produksiekapasiteit van die vervaardigingsektor, soos gemeet deur die reële vaste kapitaalvoorraad, het in die eerste kwartaal van 1983 verder toegeneem. Te same met die afname in die volume van die fabrieksproduksie, het dit daar toe geleid dat die benutting van produksiekapasiteit tot 84,6 persent gedaal het.


Die reële voorraadinvestering, die onbestendigste komponent van reële bruto binnelandse besteding, het in die eerste kwartaal van 1983 taamlike groot negatiewe afmetings aangeneem. Dit is in dalings in die reële voorrade van die fabriekswese en die groot-, klein- en motorhandel weerspieël. Daarteenoor is geringe toevoegings tot diamantvoorraade en die voorrade van die sektor elektrisiteit, gas en water gemaak. Die verhouding van reële voorrade (uitgesonderd strategiese en landbouvoorraade) tot die reële bruto binnelandse produk van die nie-landbousektore het van sy mees onlangse hoogtepunt van 35½ persent in die eerste kwartaal van 1982, verder afgeneem tot 34 persent in die eerste kwartaal van 1983.

Verdere toename in bruto binnelandse besparing

Bruto binnelandse besparing het gedurende die afgelope drie kwartale sterk toegeneem tot 'nvlak van R21 miljard in die eerste kwartaal van 1983. As 'n verhouding van die bruto binnelandse produk, het dit 25 persent bedra, vergeleke met 'nlaagtepunt van 20 persent in die tweede kwartaal van 1982. Persoonlike en maatskappybesparing het in die eerste kwartaal effens gedaal, maar die besparing van die algemene owerheid en die voorsiening vir waardevermindering het toegeneem.

Die afname in persoonlike besparing het 'n groter toename in private verbruiksbesteding as in persoonlike beskikbare inkome weerspieël. Die toename in persoonlike inkome het merkbaar verlangsaam as gevolg van stadiger toenames in salaris en lone en 'n afname in die inkomste uit eiendom en ondernemerskap, wat hoofsaaklik die gevolg van die laer inkomste uit landbou was. As 'n verhouding van persoonlike beskikbare inkome, het persoonlike besparing in die eerste kwartaal slegs 3½ persent bedra, vergeleke met die alreeds lae verhouding van 4½ persent in 1982. Die afname in maatskappybesparing is deur laer maatskappywinste veroorsaak.

Besparingsverhoudings



Afname in werkverskaffing*


Die ekonomiese afswaai is nie slegs in 'n afname in die reële bruto binnelandse produk en besteding weerspieël nie, maar ook in laer werkverskaffingsvlakte in die nie-landbousektore van die ekonomie. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die werkverskaffing buite die landbou in die eerste twee kwartale van 1982 feitlik onveranderd gebly, maar in die derde en vierde kwartale van 1982 het dit met onderskeidelik 2,3 persent en 2,8 persent gedaal. 'n Marginale toename van slegs 0,4 persent is vir die jaar in sy geheel aangeteken, teenoor 2,9 persent in 1981.

Nie-landbouwerkverskaffing in die private sektor het in werklikheid in 1982 met 0,5 persent gedaal, terwyl die werkverskaffing deur die openbare owerhede met 2,7 persent toegeneem het. In die private sektor is afnames in werkverskaffing in die fabriekswese, konstruksie, goudmynbou en ander mynbou aangeteken. Werkverskaffing in die handel het marginaal toegeneem en ietwat groter toenames het in die indiensneming deur finansiële instellings en elektrisiteitsvoorsieningsondernemings voorgekom.

As gevolg van die laer werkverskaffingsvlakte in verskeie sektore van die ekonomie en die natuurlike toename in die beroepsbevolking, het werkloosheid gedurende 1982 en die eerste kwartaal van 1983 verder toegeneem. Die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs het

*Gegewens met betrekking tot werkgeleenheid en arbeidsvergoeding in die nie-landbousektore van die ekonomie is slegs tot aan die einde van 1982 beskikbaar.

Werkverskaffing in nie-landbousektore



vanaf sy mees onlangse laagtepunt van 14 905 in Augustus 1981 toegeneem tot 32 790 in Desember 1982 en 38 440 in Maart 1983. Die verhouding van werklose Swartes tot die ekonomies-bedrywige Swart bevolking het gestyg van 8,0 persent in Januarie 1982 tot 9,0 persent in Januarie 1983.

Afname in produktiwiteit

Arbeidsproduktiwiteit, soos gemeet deur die reële bruto binnelandse produk per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie, het in 1982 met 0,8 persent gedaal, ná 'n toename van 2,1 persent in die voorafgaande jaar. Hierdie daling het die kombinasie van 'n hoë arbeidsinset en 'n gelyktydige afname in reële produksie weerspieël. Die toename in die reële opbrengs per man-uur in die fabriekswese het van 3,4 persent in 1981 tot 1,2 persent in 1982 verlangsaam. As die reële opbrengs per eenheid van arbeid en kapitaal in aanmerking geneem word, het die algehele produktiwiteit in die nie-landbousektore van die ekonomie in 1982 met 2,6 persent gedaal, teenoor 'n stygging van 1,9 persent in 1981.

Verdere stygging in nominale en reële vergoeding van arbeid

Nieteenstaande die ekonomiese afplatting, het nominale salarisse en lone in 1982 voortgegaan om teen 'n hoë koers te styg en wil dit voorkom of die salarisse en lone slegs met 'n sekere tydsloering by die veranderde ekonomiese toestand sal aanpas. In nominale

Persentasieverandering in salaris en lone per werker in die nie-landbousektore

	1980	1981	1982
Teen heersende pryse			
Blankes	17,5	21,8	17,0
Ander bevolkingsgroep	19,9	20,5	19,5
Totaal	18,0	20,5	18,6
Teen konstante 1975-pryse			
Blankes	3,2	5,7	2,0
Ander bevolkingsgroep	4,3	2,9	5,2
Totaal	3,7	4,6	3,4

terme, het die gemiddelde vergoeding per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie in 1982 met 18,6 persent toegeneem, vergeleke met 20,5 persent in 1981. Na aansuiwing vir prysstygings, het die reële salaris en lone per werker in 1982 met 3,4 persent gestyg.

Die hoë koers van toename in nominale salaris en lone per werker op 'n tydstip toe arbeidsproduktiwiteit afgeneem het, het 'n toename in arbeidseenheidskoste tot gevolg gehad. In die nie-landbousektore het die stygging in arbeidseenheidskoste van 18,0 persent in 1981 tot 19,5 persent in 1982 versnel. Die opeenvolgende skerp toenames in die arbeidseenheidskoste het nie slegs winste nadelig geraak nie, maar is ook in hoë prysweerspieël.


Volgehoue hoë inflasiekoe

Die toename in verbruikerspryse, wat gedurende die derde en vierde kwartale van 1982 verlangsaam het, het in die eerste kwartaal van 1983 weer versnel. Hoë voedselprys, veral die skerp stygging in groentepryse as gevolg van die heersende droogtetoestand, was hoofsaaklik vir hierdie versnelling verantwoordelik. Die prys van alle ander goedere het in die eerste kwartaal gemiddeld teen 'n aansienlik laer koers toegeneem. Dit het in 'n groot mate die laer koers van toename in die prys van duursame verbruikersgoedere, soos motorvoertuie en meubels, weerspieël. 'n Hoë koers van toename in die koste van dienste het ook tot die vinnerige stygging in verbruikerspryse in die eerste kwartaal bygedra. Versnelde kostestygings was veral opmerklik in die geval van huur, lone van huisbediendes en vervoertariewe.

In terme van veranderings oor 'n tyelperk van twaalf maande, het die koers van toename in verbruikerspryse in Maart en April effens gedaal. Die toename het op hierdie basis van 15,0 persent in Februarie tot 13,6 persent in Maart en 12,6 persent in April afgeneem.

Die verlangsaming van die toename in produksiepryse in die laaste twee kwartale van 1982, is in die eerste kwartaal van 1983 voortgesit. Die toename in die prys van ingevoerde goedere, wat regdeur 1982 op 'n hoë peil gebly het, het in die eerste kwartaal van 1983 in 'n belangrike mate verlangsaam. Dit wil dus voorkom

Pryse



asof die appresiasi van die rand gedurende die tweede helfte van 1982 vroeg in 1983 begin het om sy invloed op invoerprys te laat geld. Daarenteen is die verlangsaaming in die prys van binnelandsgeproduseerde goedere, wat in die tweede helfte van 1982 vir die verlangsaaming in produksiepryse verantwoordelik was, nie in die eerste kwartaal van 1983 gehandhaaf nie. Hierdie produksiepryse het gemiddeld teen dieselfde koers as in die vierde kwartaal van 1982 gestyg. In werklikheid is hoër koers van toename as in die vorige kwartaal in die prys van binnelandsgeproduseerde landbouprodukte, elektrisiteit, vervoertoerusting, houtprodukte, voedsel, drank en tabak aangeteken. Vergelyke met die ooreenstemmende maand in die vorige jaar, het produksiepryse in Maart met 13,3 persent en in April met 12,0 persent gestyg.

Betalingsbalans


Groter oorskot op lopende rekening

Die lopende rekening van die betalingsbalans, wat in die vierde kwartaal van 1982 na 'n oorskot verander het, het in die eerste kwartaal van 1983 verder verbeter. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers is 'n oorskot van ongeveer R2 000 miljoen aangeteken, vergeleke met 'n oorskot van ongeveer R1 100 miljoen in die voorafgaande kwartaal en 'n tekort van nie minder nie as R6 565 miljoen so onlangs as die eerste kwartaal van 1982. Soos in die bygaande tabel aangetoon word, was die skerp ommeswai grotendeels aan 'n skerp afname in die goedere-invoer en 'n aansienlike stygging in die waarde van die netto goudproduksie toe te skryf. As weerspieëeling van die traie ekonomiese herstel in die nywerheidslande, het die goedere-uitvoer van die eerste kwartaal van 1982 tot die eerste kwartaal van 1983 slegs 'n geringe stygging getoon. Gedurende hierdie tydperk van vier kwartale het netto dienste- en oordragbetalings aan buitelanders 'n verdere matige stygging getoon.

In die eerste kwartaal van 1983 was daar 'n effense daling in die waarde van die goedere-uitvoer, hoofsaaklik vanweé die dempende invloed van die appresiasi van die rand op uitvoerprys. Net soos gedurende 1982 in sy geheel, het die volume van die uitvoer aan die begin van 1983 min verandering getoon. In die eerste kwartaal is waardestygings in uitvoergroepe soos plant-aardige produkte, vervaardigde voedsel en tekstiele, deur afnames in die groepe mineraalproduktes, chemiese produktes en papierproduktes geneutraliseer.

Die waarde van die netto goudproduksie, wat gedurende die tweede helfte van 1982 skerp gestyg het, het in die eerste kwartaal van 1983 ietwat afgeneem. Hierdie afname het voorgekom ondanks 'n stygging in die goudprys en het 'n daling van 5 persent in die volume

Saldo op lopende rekening




Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoers
R miljoene

	1982					1983
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw	
Goedere-uitvoer	10 008	10 046	10 108	10 366	10 210	
Netto goudproduksie..	6 970	7 085	9 482	10 971	10 800	
Goedere-invoer	-20 070	-19 320	-16 679	-16 327	-15 210	
Netto dienste- en oordragbetalings	-3 473	-3 273	-4 136	-3 906	-3 790	
Saldo op lopende rekening	-6 565	-5 462	-1 225	1 104	2 010	

van die netto goudproduksie weerspieël. Op die Londense goudmark het die goudprys van 'n gemiddelde van VSA \$427 per fyn ons in die laaste kwartaal van 1982 tot VSA \$465 per fyn ons in die eerste kwartaal gestyg, 'n toename van ongeveer 9 persent. Vanweë die appresiasie van die rand teenoor die VSA-dollar, was die ooreenstemmende stygging in die randprys van goud slegs 4½ persent. In die loop van die eerste kwartaal het die goudprys skerp gedaal, naamlik van VSA \$492

Hoofposte op lopende rekening



per fyn ons in Februarie tot VSA \$420 per fyn ons in Maart. Daarna het die gemiddelde prys per fyn ons onderskeidelik VSA \$433 en VSA \$437 in April en Mei bedra.

In ooreenstemming met die algemene stadiger toename in nominale bruto binnelandse besteding, het die waarde van die goedere-invoer in die eerste kwartaal van 1983, met 'n verdere 6,5 persent afgeneem. Van die hoogtepunt in die eerste kwartaal van 1982, het die waarde van die invoer met soveel as 24 persent tot die eerste kwartaal van 1983 gekrimp. Volumegewys het die afname in die invoer in die eerste kwartaal van 1983 9 persent bedra, 'n voortsetting van die neiging wat vanaf die derde kwartaal van 1981 waarneembaar was. Behalwe vir 'n stygging in die waarde van die invoer in die eerste kwartaal in die groep papier- en papierprodukte, is afnames in al die hoof invoergroepe aangeteken, veral in mineraalprodukte, chemiese produkte, tekstiele, masjinerie en elektriese toerusting, en vervoertoerusting.

Netto dienste- en oordragbetalings aan buitelanders het in die eerste kwartaal van 1983 ietwat gedaal. 'n Stygging in dividendbetalings is meer as geneutraliseer deur afnames in vrag, goedereversekering en ander vervoerbetalings.

Netto uitvloeiing van kapitaal

Die netto invloeiing van kapitaal gedurende die laaste drie kwartale van 1982 is in die eerste kwartaal van 1983 omgekeer. Uitsluitende veranderings in laste verwant aan reserwes, het die netto kapitaaluitvloeiing in die eerste kwartaal R645 miljoen bedra. Van hierdie bedrag het R274 miljoen 'n netto uitvloeiing van langtermynkapitaal en R371 miljoen 'n netto uitvloeiing van korttermynkapitaal verteenwoordig.

Soos in die bygaande tabel getoon word, is daar in die

Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)

	1982	1983			
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw
Langtermynkapitaal					
Sentrale regering en banksektor	306	346	201	272	-52
Openbare korporasies en plaaslike owerhede	47	70	112	106	181
Private sektor	242	158	143	-90	-403
Totaal	595	574	456	288	-274
Korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie, insluitende onaangetekende transaksies	-607	-3	531	780	-371
Totale netto kapitaalbewegings	-12	571	987	1 068	-645

eerste kwartaal 'n taamlike groot netto uitwaartse beweging van langtermynfondse in die private sektor aangeteken. Dit het hoofsaaklik bestaan uit die repatriasie van die opbrengste van effekteverkope deur buitelanders op die Johannesburgse Effektebeurs nadat die finansiële-randstelsel op 7 Februarie afgeskaf is. Verdere netto lenings wat deur die openbare korporasies aangegaan is, het hierdie netto uitvloeiing vanaf die private sektor gedeeltelik teengewerk. Die netto uitvloeiing van korttermynkapitaal in die eerste kwartaal weerspieël 'n omskakeling vanaf buitelandse na binnelandse handelsfinansiering gedurende die laaste deel van hierdie tydperk. Die daling in die goudprys teen die einde van Februarie en gedurende Maart het die vroeëre verwagtings dat die rand teenoor ander geldeenheide sou appreaser omgekeer. Dit het Suid-Afrikaanse invoerders en

leners aangespoor tot die uitneem van termynvalutadekking, waarvan die koste die uitwerking gehad het om die marge tussen die laer rentekoerse oorsee en die hoër nominale Suid-Afrikaanse koerse, en dus ook die aansporing om van buitelandse krediet gebruik te maak, uit te skakel.

Verdere klein toename in netto buitelandse reserwes

Die totale netto goud- en ander buitelandse reserwes, wat gedurende die tweede helfte van 1982 met R1 745 miljoen gestyg het, het gedurende Januarie 1983 met 'n verdere R697 miljoen toegeneem. Vervolgens het hierdie reserwes gedurende Februarie en Maart met R533 miljoen gedaal. Per saldo het die netto buitelandse reserwes gedurende die eerste kwartaal in sy geheel dus met R164 miljoen toegeneem. Ten spyte van die toename gedurende die nege maande tot Maart, het die vlak van die netto reserwes betreklik laag gebly.

Die bruto goud- en ander buitelandse reserwes is deur 'n toename van R149 miljoen in die laaste verwant aan reserwes aangevul. Aan die anderkant het die waardasie van die goudreserwes teen 'n laer prys, saam met ander waardasie-aansuiwerings, 'n daling van R419 miljoen in die bruto buitelandse reserwes tot gevolg gehad. Alles inaggenome het die bruto buitelandse reserwes gedurende die eerste kwartaal met R106 miljoen gedaal, en aan die einde van Maart op 'nvlak van R4 206 miljoen te staan gekom. Gedurende April het die bruto buitelandse reserwes van die Reserwebank met R420 miljoen toegeneem, maar dit is in Mei gevvolg deur 'n afname van R323 miljoen.

Verdere appresiasie van die rand


Nadat die effektiewe wisselkoers van die rand van die einde van Julie 1982 tot die einde van Januarie 1983 met bykans 10 persent toegeneem het, het dit onmiddellik na die afskaffing van die finansiële-randstelsel op 7 Februarie met 4,7 persent gedaal. Teen die einde van Februarie het die effektiewe wisselkoers egter weer met 3½ persent bo sy vlak van 7 Februarie gestyg. Gedurende die daaropvolgende drie maande het dit rond-

Veranderings in die wisselkoerse van die rand


%

	Sep. 1982 tot Des. 1982	Des. 1982 tot Mrt. 1983	Des. 1982 tot Mei 1983
Effektiewe wisselkoers.	6,1	1,3	2,1
VSA-dollar	7,6	-2,0	-0,1
Britse pond	12,4	7,7	0,8
Duitse mark	1,1	-0,1	5,7
Switserse frank	-1,3	2,1	4,3
Japanse yen	-6,0	-0,3	1,4
Franse frank	1,0	6,0	12,1

Netto kapitaalbewegings en veranderings in netto buitelandse reserwes



Effektiewe wisselkoers van die rand



om hierdie vlak geskommel en aan die einde van Mei was dit 2,1 persent hoër as aan die einde van 1982.

Soos in die bygaande tabel getoon word, was die toename in die gemiddelde waarde van die rand teenoor ander geldeenheide gedurende die eerste vyf maande van 1983, toe te skryf aan 'n appresiasié van die rand teenoor die Britse pond, die Duitse mark, die Switserse frank, die Franse frank en die Japanse yen. Aan die ander kant het die rand effens gedepresieer teenoor die VSA-dollar.

Geld- en bankwese*

Volgehoue groot kwartaallikse skommelings in geldhoeveelheid

Sifers vir die eerste kwartaal van 1983 het weer eens die uitermatige onbestendigheid van die *kwartaallikse* veranderings in die geldhoeveelheid uitgewys. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die bree geldhoeveelheid (M2) gedurende 1982 opeenvolgende kwartaallikse toenames van 27, 9, 17 en 19 persent getoon, voordat dit gedurende die eerste kwartaal van 1983 met 25,6 persent gestyg het. In hulle eie reg is hierdie *kwartaallikse* skommelings in die groeikoers van geld nie baie betekenisvol nie. In 'n groot mate weerspieël hulle die swakhede van die monetêre statistiek op maandeindes, wat veroorsaak word deur 'n aantal kortstondige willekeurige faktore wat die banke en die publiek se finansiële posisie op maandeindes beïnvloed. Origens word hulle hoofsaaklik veroorsaak deur die herhaalde voorkoms van "disintermediasie" en "herintermediasie". Ten einde betekenisvolle gevolg-trekings uit die monetêre statistiek te kan maak, is dit derhalwe nodig om die verloop oor ietwat langer tydperke, soos oor twaalf maande, te beskou. Indien dit gedoen word, toon die sifers dat die toename in M2 tussen Maart 1982 en Maart 1983 17,4 persent beloop het. Die ooreenstemmende toename in die eng geldhoeveelheid (M1) gedurende hierdie tydperk van twaalf maande het 14,5 persent bedra.

Oorsake van veranderings in M2

In terme van 'n *ex post*-ontleding van die statistiese "oorsake" van veranderings in M2, was die skerp toename gedurende die eerste kwartaal van 1983 aan 'n kombinasie van 'n styging in die netto goud- en ander


*As gevolg van bykomende bewilligings aan die einde van die fiskale jaar, verskil hierdie siffer van die R1 785 miljoen wat in die Begrotingsrede vir 1983 aangehaal is.

Oorsake van veranderings in M2

R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie		Seisoensinvloed uitgeskakel	
	Jaar 1982	4e kw 1982	1e kw 1983	4e kw 1982
Netto goud- en ander buitelandse reservewes	-423	1 057	164	1 009
Eise teen regeringsektor:				857
Bruto eise	181	-148	10	...
Regeringsdeposito's (toename-, afname+)	-2 219	-280	-463	...
Netto eise	-2 038	-428	-453	-690
Eise teen die private sektor	4 418	640	1 378	893
Langtermyndepositos (toename-, afname+)	-90	345	-298	231
Netto ander bates	1 679	-391	239	-189
Totale veranderings in: M2	3 546	1 223	1 030	984
M1	1 826	405	523	-123
				1 387
				1 041

Geldhoeveelheid




buitelandse reserwes van die monetêre banksektor en 'n toename in hierdie sektor se eise teen die private sektor toe te skryf. Hierdie ekspansionistiese invloed is gedeeltelik deur 'n effense afname in die netto bankkrediet aan die regeringsektor en 'n toename in die langtermyndeposito's van die private sektor by monetêre bankinstellings geneutraliseer.

Die toename in die netto reserwes gedurende die eerste kwartaal het hoofsaaklik gedurende die eerste helfte van hierdie tydperk voorgekom. Die daaropvolgende daling het 'n vernouende uitwerking op die geldvoorraad gehad, maar 'n deel van hierdie invloed is geneutraliseer deur verhoogde kredietverlening deur die Reserwebank aan die private sektor. Laasgenoemde het bestaan uit 'n akkommodasie van ander bankinstellings deur middel van 'n oordrag van effekte vanaf die private sektor na die Bank. Netto bankkrediet aan die regeringsektor het ook in die loop van die eerste kwartaal aansienlik verander. Die afname was in Februarie gekonsentreer en gedurende Maart is 'n aansienlike stygging weer aangeteken.

Verandering in samestelling van bankkrediet aan die private sektor

Die totale eise van die monetêre banksektor teen die private sektor het gedurende die eerste kwartaal van 1983 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 16 persent toegeneem. Hierdie koers van toename was

Oorsake van veranderings in M2



dieselbde as in die voorafgaande kwartaal, maar was aansienlik laer as die stygging van 20 persent gedurende 1982.

Soos in die *bygaande tabel getoon word, het daar vanaf die vierde kwartaal van 1982 tot die eerste kwartaal van 1983 'n opmerklike verandering in die samestelling van die monetêre banksektor se eise teen die private sektor voorgekom. Kredietverlening deur die Landbank het aansienlik gedaal, waarskynlik as gevolg



Geldmarktoestand en rentekoerse

Ná 'n baie stram Desember-maandeinde het die toestand in die geldmark gedurende Januarie en die grootste deel van Februarie effens verruim. Die mark het egter oor die Februarie-maandeinde aansienlik vernou vanweë die seisoenale vloei van fondse na die Regering. Gedurende Maart, en in die besonder oor die maandeinde, het die mark ernstige likwiditeitsprobleme ondervind, wat hoofsaaklik in verband gestaan het met 'n netto uitvloeiing van fondse uit Suid-Afrika. Gedurende April het die marktoestand aansienlik verruim vanweë 'n toename in die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank. In Mei het die buitelandse reserwes weer gedaal, maar as gevolg van 'n hoër vlak van owerheidsbesteding het die geldmarktoestand nie voor die maandeinde vernou nie.

Reserwebankakkommodesie aan die diskontohuise het van R748 miljoen op 31 Desember 1982 tot R794 miljoen op 28 Februarie 1983 toegeneem. Hierbenewens is bystand van R30 miljoen oor die Februarie-maandeinde aan bankinstellings verleen. Aan die einde van Maart het die tekort aan fondse in die mark, wat deur die Reserwebank geakkommodeer moes word, R1 105 miljoen bedra, insluitende lenings ten bedrae van R229 miljoen aan bankinstellings. Voor die maandeinde is deposito's van R250 miljoen en R109 miljoen

Veranderings in monetêre banksektor se eise teen private sektor

Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie
R miljoene


	4e kw 1982	1e kw 1983
Reserwebank, NFK en diskontohuise	-43	380
Landbank	204	-330
Ander monetêre banke:		
Depositos en beleggings	343	-298
Wissels verdiskonter	125	166
Huuroordrag	131	187
Bruikhuurfinansiering	145	75
Ander lenings en voorskotte	-265	1 198
Totaal	640	1 378

van 'n afname in landbouvoorraad en die verlening van minder produksiekrediet as gevolg van die droogte. Boonop was daar ook 'n verskuiwing in die besit aan effekte van die private sektor vanaf ander bankinstellings na die Reserwebank, hoofsaaklik omdat die Bank se voorsiening van akkommodasie aan ander bankinstellings die oordrag van sodanige effekte na die Bank behels het. Dit het 'n verhoging van krediet deur die Reserwebank aan die private sektor verteenwoordig. Ten slotte was daar 'n aansienlike toename in die handels-, aksep- en algemene banke se lenings en voorskotte, uitgesonderd huuroordrag en bruikhuurfinansiering. Dit het die verskuiwing van buitelandse na binelandse finansiering van die buitelandse handel, waarna hierbo verwys is, weerspieël, asook die groter gebruik van oortrekkingfasiliteite as gevolg van 'n vernouing van die marge tussen koerse op oortrokke rekenings en die koerse op geldmarkpapier.

Afname in banklikwiditeit

Banklikwiditeit, soos gemeet deur die verhouding van die besit aan oorskot likwiede bates tot verpligtings teenoor die publiek, was gedurende die vierde kwartaal van 1982 en Januarie 1983 redelik ruim, maar het in die daaropvolgende twee maande aansienlik gedaal. Die oorskotlikwiditeitsverhouding het van 3,4 persent aan die einde van Januarie tot 1,8 persent aan die einde van Maart afgeneem. Gedurende hierdie twee maande het die vereiste likwiede bates met R277 miljoen gestyg, terwyl die werklike besit aan likwiede bates met R232 miljoen gedaal het. Laasgenoemde is veroorsaak deur 'n afname in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank en 'n daling in die krediet aan die Landbank wat as likwiede bates geld. Hierdie vernouende invloed op die banke se likwiditeitsbasis is gedeeltelik deur 'n groter besit aan likwiede bankaksepte en 'n daling in regeringsdeposito's teengewerk.

Korttermynrentekoerse



onderskeidelik deur die Staatskuldkommissaris en die Nasionale Finansiekorporasie by die diskontohuise geplaas. Indien hierdie deposito's in berekening gebring word, het die totale tekort aan fondse in die mark aan die einde van Maart die aansienlike bedrag van R1 464 miljoen bedra. Aan die einde van April het die tekort tot R711 miljoen gedaal, insluitende deposito's van R140 miljoen deur die Nasionale Finansiekorporasie by die diskontohuise. Aan die einde van Mei het die Nasionale Finansiekorporasie al die deposito's ontrek, maar die Reserwebank se akkommodasie aan die diskontohuise en aan bankinstellings het onderskeidelik R658 miljoen en R93 miljoen bedra.

Geldmarkrentekoerse het teen die einde van September 1982 begin daal en hierdie neiging het tot in Februarie 1983 voortgeduur. Vanaf die tweede helfte van Februarie tot aan die einde van Maart het hierdie koerse egter 'n hernieuwe styging getoon as gevolg van die stram marktoestand. Vanaf vroeg in April, toe die marktoestand ietwat verruim het, is geldmarkkoerse aansienlik deur rentekoersverwagtings beïnvloed en 'n duidelike neiging kon nie waargeneem word nie. Die koers op bankaksepte van drie maande het van 14,25 persent op 31 Desember tot 9,90 persent op 18 Februarie gedaal en tot 11,75 persent op 31 Maart en tot 12,00 persent op 3 Junie gestyg. Die ooreenstemmende skatkiswisseltenderkoerse het onderskeidelik 14,10 persent, 9,56 persent, 11,24 persent en 11,75 persent bedra.

Die prima-oortrekkingskoers van die verrekeningsbanke, wat op 7 Maart van 16 persent tot 14 persent verminder is, het tot die middel van Junie onveranderd gebly en is toe tot 15 persent verhoog. Maksimum uitleenkoerse, wat kragtens die Wet op Beperking en Bekendmaking van Finansieringskoste vasgestel word, is vanaf 2 Mei 1983 met 2 persent verminder. Depositokoerse van bankinstellings het gedurende die laaste kwartaal van 1982 begin daal en is gedurende die eerste kwartaal van 1983 verder afwaarts aangepas. Daarna het sommige instellings hulle depositokoerse effens opwaarts aangepas.

Reserwebankoptrede in die finansiële markte

Gedurende die eerste twee maande van 1983 het die Reserwebank op groot skaal in die finansiële markte opgetree ten einde groot skommelings in die geldmarktoestand uit testryk en om 'n oormatig groot uitbreiding van die geldvoorraad te voorkom. Verkope van staatseffekte deur die Bank gedurende hierdie twee maande het R202 miljoen bedra. Boonop is 'spesiale skatkiswissels ten bedrae van R350 miljoen, met die einde van Februarie as verval datum, verkoop. Gedurende Maart het die Reserwebank nie in die mark opgetree nie en verkope van staatseffekte deur die Bank het slegs R2 miljoen bedra. Met die oog op 'n verwagte verruiming van die geldmark vanaf die begin van April, hoofsaaklik as gevolg van verhoogde overheidsbesteding, is verskeie maatreëls getref om 'n oormatige groot toename in die

beskikbaarheid van fondse in die mark te voorkom. Dit het ingesluit 'n toename in die bedrag aan skatkiswissels wat by die weeklikse tender aangebied word, 'n aanpassing van die deposito's van die Nasionale Finansiekorporasie by diskontohuise in ooreenstemming met verandering in die geldmarktoestand, verkoop van staatseffekte ten bedrae van R13 miljoen in April en R108 miljoen in Mei, en verkoop van spesiale Skatkiswissels ten bedrae van R100 miljoen op 4 Mei. Hierdie wissels sal op 31 Augustus verval. Aanvullend tot hierdie maatreëls, het 'n openbare uitgifte van staatseffekte 'n netto bedrag van R93 miljoen gedurende die tweede helfte van April van die mark onttrek. Hierdie verskilende maatreëls het gehelp om die uitwerking van die onttrekking van die overheidsektor se deposito's by die Reserwebank te verminder, maar kon dit nie geheel en al neutraliseer nie.


Staatsfinansies

Hoë groeikoers in skatkisuitreikings in laaste kwartaal van fiskale jaar

In die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1982/83, dit wil sê die eerste kwartaal van 1983, was die departementele uitreikings op die Skatkisrekening* 24 persent hoër as in die ooreenstemmende kwartaal van die voorafgaande fiskale jaar. Hierdie koers van toename was aansienlik hoër as die 16 persent toename in die eerste drie kwartale van 1982/83 en was hoofsaaklik toe te skryf aan die groot bedrag van uitgawes waarvoor in die Addisionele Begroting voorsiening gemaak is. Aan die ander kant was die toename van 17 persent in die skatkisontvangste gedurende die laaste kwartaal van 1982/83, vergeleke met die ooreenstemmende kwartaal van die voorafgaande fiskale jaar, laer as die stygging van 19 persent gedurende die eerste drie kwartale van 1982/83.

Nieteenstaande hierdie uiteenlopende groeikoerse van uitreikings en ontvangste gedurende die laaste kwartaal van die fiskale jaar, het die Skatkisrekening 'n oorskot van R280 miljoen voor lenings en skuldaflossings getoon. 'n Bedrag van R142 miljoen is by die Staatskuldkommissaris geleent, maar buitelandse skuld van R218 miljoen is terugbetaal en daarbenewens

Skatkisrekening



*Die Skatkisrekening is aangesuiwer vir verandering in die saldo op die Betaalmeestergeneraalrekening.

het die Tesourie sy skuld teenoor die private nie-banksektor met R340 miljoen verminder. Alhoewel die regeringsektor in sy geheel sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor in die eerste kwartaal verminder het, het die Skatkis se netto skuldposisie met R136 miljoen toegeneem.

Skatkisuitreikings en -ontvangste gedurende die fiskale jaar 1982/83

Uitreikings op die Skatkisrekening aan staatsdepartemente het gedurende die fiskale jaar 1982/83 in sy geheel met 18 persent toegeneem. Hierdie toename was aansienlik hoër as die oorspronklike begrotingsraming van 11½ persent, hoofsaaklik as gevolg van die betreklik groot bedrag waarvoor in die Addisionele Begroting voorsiening gemaak is en hoër as verwagte rentebetettings op die staatskuld. Totale inkomste-invorderings het gedurende die fiskale jaar 1982/83 met 19 persent toegeneem, vergeleke met 'n oorspronklike begrotingsraming van 11 persent. In absolute terme was die hoër as verwagte toename in inkomste voldoende om die bykomende toename in uitgawes teen te werk. Die werklike tekort van R2 373 miljoen* op die Skatkisrekening, uitsluitende lenings en skuldflossings, was gevold baie na aan die oorspronklike begrotingsyfer van R2 380 miljoen.

Soos in die bygaande tabel getoon word, het die invorderings van indirekte belastings gedurende 1982/83 baie nou met die begrotingsramings ooreengekom. Die werklike invorderings van die algemene verkoopbelas-

*As gevolg van bykomende bewilligings aan die einde van die fiskale jaar, verskil hierdie syfer van die R1 785 miljoen wat in die Begrotingsrede vir 1983 aangehaal is.

Staatsinkomstefonds — Inkomste-invorderings

	1982/83-Begroting		Werklike invorderings		
	R miljoene	Persentasie- verandering ¹	1981/82 R miljoene	1982/83 R miljoene	Persentasie- verandering
Indirekte belastings ²					
Doeanereg ³	1 470	24	1 183	1 489	26
Aksynsreg	1 634	9	1 503	1 632	9
Algemene verkoopbelasting	3 170	50	2 116	3 181	50
Totaal	6 274	31	4 802	6 302	31
Inkomstebelasting- en huurbetalings deur					
goudmyne	1 005	-53	2 131	1 652	-23
Ander inkomstebelastingbetalings	7 845	23	6 399	8 159	28
Ander invorderings	1 648	-9	1 818	1 958	8
Sub-totaal	16 772	11	15 150	18 072	19
Min oordragte na aangrensende gebiede	914	25	733	906	24
Totale inkomste-invorderings	15 858	10	14 416	17 166	19

¹ Vergelyk met werklike invorderings gedurende die fiskale jaar 1981/82.

² Insluitende bedrae oordraagbaar aan aangrensende gebiede kragtens Doeane-unie-ooreenkomsste en aan die Sentrale Inkomstefonds van Suid-wes-Afrika.

³ Insluitende bobelasting op invoergoedere.



ting het egter die verhoging in die koers van 5 tot 6 persent in September 1982, waarvoor daar nie in die oorspronklike Begroting voorsiening gemaak is nie, weerspieël. Insgelyks is die werklike invorderings van doeane-reg beïnvloed deur die verlaging van die bobelasting op invoergoedere van 10 tot 5 persent, waarvoor daar ook nie in die oorspronklike Begroting voorsiening gemaak is nie.

Inkomstebelasting- en huurbetalings deur goudmynmaatskappye het as gevolg van die styging in die goudprys vanaf ongeveer die middel van 1982 met heelwat minder afgeneem as wat oorspronklik verwag is. Ander inkomstebelastingbetalings het die begrotingsramings met 'n aansienlike marge oorskry, hoofsaaklik as gevolg van 'n hoër as verwagte toename in persoonlike inkomstebelasting. Laasgenoemde het verband gehou met die hoë koers van toename in nominale salaris en loone en die invloed van die sogenaamde "belasting deur inflasie".

Finansiering van die skatkisrekeningtekort

Gedurende die fiskale jaar 1982/83 het die Tesourie 'n aansienlike bedrag aan leningsfondse van die private nie-banksektor verkry, hetsy regstreeks deur middel van openbare uitgifte van staatseffekte of onregstreeks deur middel van die uitgifte van staatseffekte op aanvraag aan die Reserwebank vir doeleindes van herverkope in die mark. Openbare uitgifte van staatseffekte het R1 000 miljoen bedra, waarvan die private nie-banksektor vir R524 miljoen ingeskryf het. Effekte wat op aanvraag aan die Reserwebank uitgereik is het R1 800 miljoen bedra en die grootste deel hiervan is deur die Bank aan hierdie sektor verkoop. Die private

Skatkisrekening



Skatkisrekeningfinansiering


R miljoene

	Fiskale jaar geëindig 31 Maart	
	1982	1983
Inkomste	14 525	17 192
Uitreikings	16 869	19 565
Tekort, voor lenings	2 344	2 373
Finansiering		
Staatskuldkommissarisse	329	894
Private nie-banksektor	1 590	2 337
Monetêre banksektor	—	-884
Buitelandse sektor	425	26
Totaal	2 344	2 373

nie-banksektor se besit aan nie-bemarkbare staatskuldbewyse, insluitende leningsheffings, het egter gedurende 1982/83 met R184 miljoen afgeneem.

Soos in die bygaande tabel getoon word, het lenings by die private nie-banksektor en die Staatskuldcommis-

Samestelling van die private nie-banksektor se bydrae tot skatkisrekeningfinansiering



sarisse, tesame met 'n klein bedrag aan netto buitelandse lenings, die tekort op die Skatkisrekening met 'n aansienlike marge oorskry. Dit het die Tesourie in staat gestel om sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor met nie minder nie as R884 miljoen te verminder, hoofsaaklik deur 'n verhoging in die regeringsdeposito's. Die gesamentlike saldo's op die Skatkis- en Betaalmeester-generaalrekenings het in werklikheid van R2 099 miljoen aan die einde van Maart 1982 tot R3 335 miljoen aan die einde van Maart 1983 gestyg. Van die laasgenoemde bedrag, het R3 095 miljoen saldo's op die Stabilisasierekening verteenwoordig.

Begroting van die Sentrale Regering vir 1983/84

Die Begroting van die Sentrale Regering vir die fiskale jaar 1983/84 is op 30 Maart 1983 aan die Parlement voorgelê. In sy beoordeling van die implikasies van die huidige ekonomiese toestand vir fiskale en monetêre beleid in die komende jaar, het die Minister van Finansies die vraag geopper of die tyd nie aangebreek het vir 'n doelbewuste beleid van "reflasie" of "stimulering" van die ekonomie in sy geheel nie, in besonder omdat die reële groeikoers negatief geword het en die betalingsbalans 'n oorskot begin toon het. So 'n benadering sou 'n kombinasie van wesenlik hoër overheidsbesteding en belastingverlagings, 'n hoër koers van toename in die geldvoorraad, laer rentekoerse en vermoedelik ook 'n geringe depresiasi van die rand, impliseer. Die Minister het egter tot die gevolg trekking gekom dat so 'n beleid onvanpas sou wees aangesien dit die inflasiekopers sou verhoog, die betalingsbalans sou benadeel, die rand sou verswak, die netto buitelandse reserwes sou verminder en die buitelandse kredietwaardigheid van Suid-Afrika sou skaad. Om hierdie redes sou dit op die langer termyn reële ekonomiese groei ondermy en nie bevorder nie.

Die Minister het beklemtoon dat inflasie 'n ernstige probleem bly wat verdere aandag vereis en dat die netto buitelandse reserwes heropgebou moet word deur middel van die terugbetaling van buitelandse korttermynskuld. Dit word beskou as 'n noodsaaklike deel van die voorbereiding vir die volgende sikielse opswaai in die ekonomie.

Die Minister het daarop gewys dat die beleidsbenadering wat deur hom uiteengesit is nie beteken dat die ekonomiese beleid in die komende maande staties sou bly nie, maar dat die beleid voortdurend by veranderde omstandighede aangepas sou word. Aanpassings is trouens deurgaans gedurende die afgelope twee jaar gemaak. Byvoorbeeld, toe die bestaande konserwatiewe beleidsmaatreëls in die laaste deel van 1982 toeneemend hul uitwerking getoon en die betalingsbalans verbeter het, terwyl die resessieneiging in die ekonomie voortgeduur het, is die monetêre beleid doelbewus verslap deur 'n sekere toename in likwiditeit en 'n aansienlike daling in rentekoerse toe te laat.

Volgens die mening van die Minister het die overhede egter tans so ver in hierdie rigting gegaan as wat

hulle behoort te gaan. Volgens hom vereis die huidige ekonomiese toestand 'n kombinasie van fiskale en monetêre beleid wat voorsiening sal maak vir die volghoue betueling van regeringsuitgawes, 'n betreklik klein begrotingstekort voor lenings en doeltreffende beheer oor die geldvoorraad. Wat rente- en wisselkoerse betref sal die owerhede sover moontlik hulle beleid handhaaf om markkrakte toe te laat om, binne die raamwerk van die totale finansiële strategie, realistiese koerse te bepaal.

In ooreenstemming met hierdie benadering, is geraam dat totale regeringsuitgawes gedurende die fiskale jaar 1983/84 met slegs 10,3 persent tot R21 176 miljoen sal styg, nadat voorstelle vir hoër maatskaplike, militêre en siviele pensioene asook ander minder belangrike aanpassings van uitgawes in berekening gebring is. Slegs kleinere belastingveranderings is deur die Minister aangekondig, waarvan die belangrikste die wysigings aan sekere seëlregte was. Die totale inkomste vir 1983/84 is geraam op R19 094 miljoen, of 9,6 persent meer as die hersiene raming vir 1982/83. Die tekort voor lenings vir 1983/84 is op R2 082 miljoen geraam, wat gelyk is aan ongeveer 2,4 persent van die verwagte bruto binelandse produk. Die regering se totale finansieringsbehoefte is, met inagneming van leningsterugbetaalings van R1 941 miljoen, op R4 023 miljoen geraam.

Soos gebruiklik, is aangeneem dat die opbrengs uit effekte-aflossings gedurende die fiskale jaar in nuwe effekte herbelê sal word. Met die oog daarop om effektiewe beheer oor die geldvoorraad te behou, is daar verder aangeneem dat die tekort voor lenings sonder die gebruik van bankkrediet gefinansier sal word, ten spyte van die afskaffing van die 5 persent verpligte leningsheffing op individuele belastingbetalers. Die voorgestelde finansiering van die Begroting word in die bygaande tabel getoon.

1983/84-Begroting

R miljoene	
Inkomste	19 094
Uitgawes	21 176
Tekort, voor lenings	2 082
Finansiering (netto van skuldaflossing):	
Statauskuldkommissarisse	1 500
Nuwe effekte-uitgiftes	930
Uitreiking van nie-bemarkbare binelandse skuldbewyse ¹	-296
Buitelandse lenings	-52
Totaal	2 082

¹ Insluitende leningsheffings en sekere leningsuitgawes.

Kapitaalmark

Verdere groot toename in besit aan langertermynfondse by finansiële instellings

Gedurende die eerste kwartaal van 1983 het die toename in die besit aan langertermynfondse by bankinstellings, bouverenigings, deelnemingsverbandskemas en staatspaarskemas die hoë vlak waartoe dit gedurende die vierde kwartaal van 1982 gestyg het, effens oorskry. Ná seisoensaansuiwering het die toename gedurende die eerste kwartaal van 1983 R1 419 miljoen bedra, vergeleke met R1 308 miljoen in die voorafgaande kwartaal.

Soos in die bygaande tabel getoon word, was die verskillende groepe instellings nie almal ewe suksesvol in die verkryging van nuwe langertermynfondse gedurende die eerste kwartaal nie. Die toename in die besit aan sodanige fondse by bankinstellings en deelnemingsverbandskemas was opmerklik kleiner as gedurende die vierde kwartaal van 1982, terwyl die besit aan langertermynfondse by staatspaarskemas 'n effens groter toename getoon het. Hierteenoor, het die bouverenigings buitengewoon goed gevaaar met die verkryging van nuwe fondse. Hulle innname van fondse het vanaf die vierde kwartaal van 1982 tot die eerste kwartaal van 1983 met soveel as 29 persent toegeneem. 'n Aansienlike deel van die nuwe fondse wat by bouverenigings belê is, het uit 'n groter besit aan aandele bestaan.

Besit aan langertermynfondse by nie-kontraktuele spaarinstellings

Seisoensaangesuiwerde kwartaallikse veranderings R miljoene

	1982			1983	
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw
Bankinstellings	-211	-339	667	317	239
Bouverenigings	152	391	334	853	1 100
Deelnemingsverbandskemas	41	73	55	83	15
Staatspaarskemas	-26	-64	38	55	65
Totaal	-44	61	1 094	1 308	1 419


Die algemeen ruimer beskikbaarheid van fondse in die ekonomie in verhouding tot die vraag na fondse het tot 'n afname in depositorentekoerse geleid. Die koers op deposito's van twaalf maande het byvoorbeeld in die geval van banke afgeneem van 15,0 persent in Desember 1982 tot 10,5 persent in Maart, terwyl die ooreenstemmende afname in die geval van bouverenigings van 14,5 tot 11,0 persent was. Daarna het die bouverenigings egter hulle koers op deposito's van twaalf maande tot 12 persent in Mei verhoog, terwyl opwaartse aanpassings in depositorentekoerse ook deur sommige bankinstellings gemaak is.

Effense styging in die opbrengskoers op langtermyn-vaste-rentedraende effekte

Die reeds hoë omset op die sekondêre mark in vaste-rentedraende effekte van die openbare sektor gedurende die vierde kwartaal van 1982 het in die eerste kwartaal van 1983 nog verder gestyg, maar in April en Mei aansienlik gedaal. Die gemiddelde maandelikse omset het met 33 persent van R2 056 miljoen in die vierde kwartaal van 1982 tot R2 733 miljoen in die eerste kwartaal toegeneem, voordat dit tot R1 340 miljoen gedurende April en Mei gedaal het.

Die toestand in die mark vir vaste-rentedraende effekte het gedurende Februarie en Maart effens vernou ná die afskaffing van valutabeheer oor nie-inwoners op 7 Februarie en die skerp daling in die goudprys gedurende Maart. Dit het gepaard gegaan met 'n verandering in die verwagtings wat vantevore bestaan het dat rentekoerse hulle opwaartse neiging sou voortsit. In die sekondêre mark het die gemiddelde maandelikse opbrengs op langtermynstaatseffekte gedaal vanaf 'n piek van 14,7 persent in Julie 1982 tot 10,6 persent in Januarie 1983 en toe weer tot 12,3 persent in Maart gestyg. Daarna het dit in April en Mei onderskeidelik 12,0 persent en 12,3 persent bedra. Die ooreenstemmende daling in die langtermynopbrengskoers op semi-prima-effekte van die hoogstegraad, was van 14,8 persent in Julie 1982 tot 11,2 persent in Januarie 1983, maar die opbrengskoers het weer tot 12,9 persent in Mei gestyg.

Opbrengskoerse in sekondêre mark




Tydelike daling in aandelepryse

Die omset en prys op die aandelemark het gedurende die eerste twee maande van 1983 verder gestyg, maar in Maart gedaal. Gedurende April en Mei het die bedrywigheid op die laer vlak gebly, maar aandelepryse het 'n hernieuwe stijging getoon. Die veerkratigheid van die aandelemark is duidelik weerspieël in die feit dat die mark skaars gereageer het op 'n skerp stijging in die netto verkope van effekte deur nie-inwoners na die afskaffing van die valutabeheer wat op hulle van toepassing was. Hierdie netto verkope van effekte het van R124 miljoen in die vierde kwartaal van 1982 tot R570 miljoen in die eerste kwartaal van 1983 toegeneem. Die daling in aandelepryse gedurende Maart was eerder die gevolg van die skerp daling in die goudprys op daardie stadium.


Die aantal aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, was in die eerste kwartaal van 1983 13 persent hoër as in die voorafgaande kwartaal,

Effektebeurs



maar die maandelikse gemiddelde gedurende April en Mei was 27 persent laer as in die eerste kwartaal. Aandelepryse het vanaf Desember 1982 tot Februarie 1983 met gemiddeld 12 persent toegeneem, voordat hulle in Maart met 9 persent gedaal het. Die daaropvolgende toename in April en Mei het die gemiddelde vlak van prys tot 16 persent bo die van Desember verhoog. Van Desember tot Mei het die prys van goudmynaandele met soveel as 18 persent per maand geskommel, maar was in Mei 4 persent hoër as in Desember. Gedurende hierdie vyf maande het ander mynaandele met 13 persent gestyg, finansiële aandele met 22 persent en nywerheids- en handelsaandele met 25 persent.

Aandelepryse en opbrengskoerse



As 'n weerspieëling van die toename in aandelepryse het die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele van 6,5 persent in Desember 1982 tot 6,0 persent in Maart en 5,3 persent in Mei gedaal.

Groter uitleenbedrywigheid deur bouverenings in verbandmark

Die groot inname van nuwe fondse deur die bouverenings gedurende die eerste kwartaal, het tot 'n toename in verbandlenings deur die verenigings geleid. Die seisoensaangesuiwerde bedrag van nuwe verbandlenings toegestaan het van R820 miljoen in die vierde kwartaal van 1982 tot R1 548 miljoen in die eerste kwartaal van 1983 toegeneem. Die ooreenstemmende toename in

verbandlenings werklik uitbetaal was van R595 miljoen tot R718 miljoen. Vanweë die betreklik groot verskil tussen lenings toegestaan en uitbetaal, het die verenigings se leningsverpligtigs gedurende die eerste kwartaal met R792 miljoen tot 'n vlak van R1 546 miljoen aan die einde van Maart toegeneem.

Behalwe die toename in die verenigings se uitstaande verbandlenings, het hulle besit aan voorgeskrewe beleggings in die eerste kwartaal 'n seisoensaangesuiwerde toename van R659 miljoen getoon. Aan die einde van Maart het hulle oorskotbesit aan voorgeskrewe beleggings R1 694 miljoen beloop.


Die groter beskikbaarheid en die laer koste van fondse wat opgeneem is deur die instellings wat in die verbandmark optree, het tot 'n daling in verbandkoerse gelei. Die koerse op bouverenigings se nuwe woonhuisverbandlenings is met ingang 1 April 1983 verlaag vanaf 'n patroon van 14,25 — 16,25 persent op alle lenings tot 14,0 — 15,0 persent op woonhuislenings tot en met R60 000. 'n Hoër koers geld op lenings bo R60 000. Op 20 Mei is daar aangekondig dat bouverenigings voortaan nie meer sal saamwerk in die bepaling van eenvormige deposito- en verbandkoerse nie, en dat dit elke bouvereniging sal vrystaan om sy eie koerse vas te stel. In die geval van deelnemingsverbandskemas, is die buigsamer koers op deelnemingsverbande verlaag van

18,0 persent tot 17,1 persent in Februarie en tot 15,1 persent in Maart.

Hernieuwe toename in die omset van vaste eiendom.

Die omset in die mark vir vaste eiendom, wat regdeur 1982 op 'n hoëvlak gebly het en teen die einde van die jaar 'n hernieuwe toename getoon het, het in die eerste kwartaal van 1983 verder gestyg. Die seisoensaangesuiwerde waarde van transaksies in vaste eiendom was in die eerste kwartaal 8 persent hoër as in die laaste kwartaal van 1982. Die hernieuwe oplewing in die mark vir vaste eiendom het in 'n belangrike mate verband gehou met die groter beskikbaarheid van fondse in die verbandmark, 'n opgehoede vraag na behuising en volgehoue inflasieverwagtings.

Bouverenigings



Suid-Afrika se buitelandse laste en bates, 1956 tot 1981

deur E.J. van der Merwe en M.C. Bester

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank publiseer gegewens oor Suid-Afrika se buitelandse laste en bates in sy *Kwartaalblad*. Hierdie gegewens gaan terug tot 1956 toe die Reserwebank sy eerste Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates opgeneem het. Die verwysingsinligting ten opsigte van 1956 is daarna deur middel van jaarlikse steekproefopnames bygewerk. 'n Tweede sensus is in 1973 opgeneem, maar omdat sekere begrippe en definisies in hierdie sensus verander is, is die gegewens wat vanaf 1973 gepubliseer is nie met dié voor 1973 vergelykbaar nie. Meer onlangs is 'n derde sensus met betrekking tot 1980 opgeneem, wat 'n verdere breuk in vergelykbaarheid oor tyd in die reeks in verband met Suid-Afrika se buitelandse laste en bates tot gevolg gehad het. Ten einde vergelykbaarheid oor tyd te verkry, is die gegewens vir die tydperk voor 1980 aan die resultate van die jongste sensus gekoppel. Soos in die verlede, is die jongste sensusresultate deur middel van 'n steekproefopname tot 1981 uitgebrei. Op hierdie wyse is vergelykbare reekse van 1956 tot 1981 opgestel en hulle word as 'n bylae tot hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* gepubliseer.

Die doel van hierdie artikel is om die belangrikste neigings in Suid-Afrika se buitelandse laste en bates oor die tydperk 1956 tot 1981 te ontleed. Eers word 'n kort beskrywing van die veranderings in Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge gegee, en dit word gevvolg deur 'n breedvoeriger oorsig van veranderings in die buitelandse belegging in Suid-Afrika aan die een kant en in Suid-Afrika se belegging in ander lande aan die ander kant.

1. Netto internasionale verpligtinge van Suid-Afrika

In die middel van die negentiende eeu was Suid-Afrika 'n tipiese onderontwikkelde land met beperkte vooruitsigte vir vinnige ekonomiese ontwikkeling. Die daaropvolgende ontdekking van diamante en veral van goud het hierdie toestand verander en groot bedrae buitelandse kapitaal in die land belê met die doel om die mineraalbronne van die land te ontgin. Hierdie invloeiing van buitelandse fondse het wesenlik tot die ekonomiese ontwikkeling van die land gedurende die laaste gesdeelte van die negentiende eeu en die eerste helfte van die twintigste eeu bygedra.¹ Die belangrike rol van hierdie kapitaalinvloeiing en die ontwikkeling van die goudmynbedryf is deur J.C. du Plessis soos volg beskryf: "The foreign exchange generated by the gold mining industry has provided the purchasing power for the importation of capital equipment and raw materials of manufacturing enterprises initiated by foreign investors as well as by South African residents, even though the latter often had to import specialized skills from abroad."²

¹ Frankel, S.H.: *Capital Investment in Africa*, Oxford University Press, Londen, 1938, p.75.

² Du Plessis, J.C.: "Foreign Investment in South Africa", in *Foreign Investment: The Experience of Host Countries*.

Die kapitaalinvloeiing wat deur die ontdekking van diamante en goud teweeggebring is en die daaropvolgende buitelandse belegging in ander sektore van die ekonomie, het 'n volgehoue toename in Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge, dit wil sê die verskil tussen sy buitelandse laste en buitelandse bates, tot gevolg gehad. Vanaf die einde van 1956, toe omvattende inligting vir die eerste keer beskikbaar gekom het, het die land se netto internasionale verpligtinge (insluitende eienaarskapitaalbeleggings maar uitgesonderd goudreserves³) bykans ononderbroke van R2 067 miljoen tot R22 224 miljoen aan die einde van 1981 toegegaan, of teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 10,0 persent. Afnames in Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge is aangeteken in slegs vier van die jare waarvoor inligting beskikbaar is, naamlik in 1959, 1961, 1962 en 1979. Die afname in die vroeë sestigerjare het verband gehou met die lae groeikoers van die binne-landse ekonomie en die politieke onrus in sekere Swart dorpsgebiede in 1961. 'n Klein afname in buitelandse laste is ook in 1979 aangeteken, toe groot oorskotte op die lopende rekening van die betalingsbalans die terugbetaling van buitelandse lenings moontlik gemaak het.

Nieteenstaande die volgehoue toename in die absolute waarde van Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge, het skerp skommelings van die een jaar na die ander voorgekom. Hierdie skommelings het vanaf die einde van die sestigerjare meer opmerklik geword. Die hoogste jaarlikse groeikoers in die tydperk van 1957 tot 1967 was 11,4 persent, maar in die tydperk 1968 tot 1981 was dit so hoog as 30,8 persent. Jaarlikse veranderings in netto internasionale verpligtinge is in 'n groot mate deur die heersende ekonomiese groeikoerce en deur die stand van die totale betalingsbalans beïnvloed. Gedurende tydperke van betreklik hoë groei in die binne-landse ekonomie, het die netto internasionale verpligtinge oor die algemeen teen 'n vinniger koers toegegaan vanweë skerp toenames in die kapitaalinvloeiing vir die finansiering van infrastrukturele ontwikkeling en ander vorms van vaste investering. Veranderings in die betalingsbalansposisie het wesenlik tot skommelings in die netto internasionale verpligtinge bygedra, veral gedurende die sewentigerjare. Soms moes die owerhede aansienlike bedrae aan korttermynfondse in die buiteland leen ten einde die vlak van die buitelandse valutareserves te ondersteun, terwyl 'n verbetering in die betalingsbalansposisie by ander geleenthede 'n terugbetaling van sulke lenings moontlik gemaak het. Daarbenewens is valutabeheer oor kapitaaluitvloeiings meer toegeeflik toegepas gedurende tydperke wan-

geredigeer deur I.A. Litvak en C.J. Maule, Praeger Publishers, New York, 1970, pp.180-181.

³ Goudreserves word by Suid-Afrika se syfers van netto internasionale verpligtinge uitgesluit omdat dit vergelykings oor tyd verwring. Die waardasie van hierdie reserves teen markverwante prysse het groot skommelings in Suid-Afrika se buitelandse bates tot gevolg. Indien die goudreserves in aanmerking geneem word, het Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge aan die einde van 1981 R19 030 miljoen bedra.

neer die vlak van die goud- en ander buitelandse reserwes dit toegelaat het, en omgekeerd.

As 'n verhouding van die bruto nasionale produk, het Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge skerp gedaal van 52,4 persent aan die einde van 1958 tot 35,0 persent aan die einde van 1964. Daarna het hierdie verhouding rondom 35 persent geskommel, voordat dit aansienlik tot 50,9 persent aan die einde van 1976 gestyg het en weer tot 33,0 persent aan die einde van 1981 gedaal het. Gedurende die grootste deel van die afgelope 26 jaar was Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge op 'n betreklik hoëvlak van gemiddeld 41,8 persent van die bruto nasionale produk.⁴ Vergeleke hiermee, het die netto internasionale verpligtinge van Kanada byvoorbeeld gedurende die tydperk 1972 tot 1978 'n gemiddelde van 26,3 persent van bruto nasionale produk bedra.⁵

Tabel 1: Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge, 1956 tot 1981⁶

Aan die einde van	R miljoene*	Jaarlikse persentasie groei	Persentasie van BNP
1956	2 067	...	50,4
1957	2 194	6,1	50,4
1958	2 349	7,1	52,4
1959	2 306	-1,8	48,5
1960	2 426	5,2	47,9
1961	2 327	-4,1	43,7
1962	2 264	-2,7	39,6
1963	2 297	1,5	35,9
1964	2 461	7,1	35,0
1965	2 729	10,9	35,6
1966	3 039	11,4	36,4
1967	3 224	6,1	34,4
1968	3 910	21,3	38,7
1969	4 350	11,3	38,4
1970	5 136	18,1	41,4
1971	6 343	23,5	46,2
1972	6 953	9,6	44,8
1973	7 566	8,8	39,4
1974	9 407	24,3	39,9
1975	12 121	28,9	46,2
1976	15 087	24,5	50,9
1977	16 302	8,1	49,8
1978	16 896	3,6	44,4
1979	16 119	-4,6	35,3
1980	16 992	5,4	28,7
1981	22 224	30,8	33,0
Gemiddelde	...	10,0	41,8

*Uitgesonderd die goudreservewes van die land.

⁴ Belegging in eienaarskapitaal deur buitelanders was hoofsaaklik vir hierdie hoë verhouding verantwoordelik. Die netto eienaarsbelegging van buitelanders het gemiddeld 26,2 persent van bruto nasionale produk oor dieselfde tydperk beloop.

⁵ Statistics Canada, *Canada's International Investment Position*, Government Printer, Ottawa, 1978, p.11.

⁶ Tensy anders aangedui, is alle inligting wat in die tabelle in hierdie artikel vervat is, gebaseer op syfers uit die *Statistiese aanbieding van Suid-Afrika se Buitelandse Laste en Bates, 1956 tot 1981*, gepubliseer as 'n bylae tot hierdie Kwartaalblad.

2. Buitelandse belegging in Suid-Afrika

Die aansienlike toename in Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge het hoofsaaklik voortgespruit uit 'n ooreenstemmende toename in buitelandse belegging in Suid-Afrikaanse ondernemings. Suid-Afrika se buitelandse laste word in hierdie afdeling in meer besonderhede bespreek. In besonder word aandag geskenk aan die behoefte aan buitelandse kapitaal, die groei en struktuur van buitelandse laste, die geografiese verspreiding van hierdie laste en die opbrengs op beleggings wat buitelanders toekom.

(a) Die behoefte aan buitelandse kapitaal

Die Suid-Afrikaanse ekonomie was nog altyd van buitelandse kapitaal afhanklik as 'n middel om binnelandse besparing aan te vul ten einde 'n hoë koers van reële ekonomiese groei te handhaaf. Die mate waarin 'n land van buitelandse kapitaal afhanklik is, word gewoonlik gemeet deur die verhouding van die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans tot bruto binnelandse investering. In tabel 2 word hierdie verhoudings vir Suid-Afrika en uitgesoekte ander ontwikkelende lande gedurende die tydperk 1956 tot 1981 vergelyk. Die lande wat vir hierdie vergelyking uitgesoek is, is min of meer in dieselfde stadium van ekonomiese ontwikkeling.⁷ Die vergelyking is oor 'n betreklik lang tydperk gedoen ten einde die invloed van die konjunkturgolf en toevallige skommelings tot 'n minimum te beperk. Aangesien die vlak van die verhouding tussen die tekort op lopende rekening en die bruto binnelandse investering deur die koers van reële ekonomiese groei gedurende die betrokke tydperke beïnvloed kon word, word die gemiddelde jaarlikse koers van toename in die reële bruto binnelandse produk van die verskillende lande ook in die tabel getoon. Uit hierdie inligting is dit duidelik dat die koers van reële groei tussen die verskillende lande gedurende die tydperk onder beskouing nie betekenisvol verskil het nie, wat aantoon dat die verhoudings van die tekort op lopende rekening tot bruto binnelandse investering 'n betroubare aanduiding van die lande se relatiewe afhanklikheid van buitelandse kapitaal behoort te gee.

Uit hierdie tabel blyk dit dat die verhouding van die tekort op die lopende rekening tot bruto binnelandse produk van een land na 'n ander in die gekose tydperke aansienlik verskil het. Met die eerste oogopslag wil dit voorkom asof Suid-Afrika die land was wat die minste van buitelandse kapitaal afhanklik was. In die tydperk van 1956 tot 1981 was die verhouding vir Suid-Afrika aansienlik laer as dié vir die ander lande. Hierdie verhouding

⁷ Die lande is uitgesoek op grond van hulle klassifikasie deur die Internationale Monetêre Fonds as ontwikkelende lande tot Maart 1980. Alhoewel Kanada as 'n ontwikkelde land gegroepeer is, is hy ook in hierdie vergelyking ingesluit vanweë die belangrikheid van buitelandse belegging in hierdie land. In Maart 1980 het die Internationale Monetêre Fonds sy klassifikasie verander en Suid-Afrika en Griekeland word nou onder die nie-olie ontwikkelende lande ingesluit en al die ander lande in tabel 2 word as nywerheidslande geklassifiseer.

Tabel 2: Die behoefté aan buitelandse kapitaal van uitgesoekte ontwikkelende lande, 1956 tot 1981 %

Land	Tekort op lopende rekening as persentasie van bruto binnelandse investering		Gemiddelde jaarlikse persentasie groeikoers in reële bruto binnelandse produk	
	1956 tot 1981	1956 tot 1976	1956 tot 1981	1956 tot 1976
	1981	1976	1981	1976
Australië	10,0	7,3	4,1	4,4
Oostenryk	6,0	3,7	4,2	4,6
Kanada	6,4	5,9	4,2	4,6
Finland	7,3	9,3	4,4	4,6
Griekeland*	17,3	16,2	5,1	5,7
Nieu-Seeland	11,5	8,2	4,5	5,7
Suid-Afrika	2,5	10,0	4,6	4,8

*Die reële groeikoers kon slegs vanaf 1958 geneem word.

Bronne:

1. 1956 tot 1969: *National Accounts of OECD Countries*, Volume 1, OESO, Parys, 1974.
2. 1970 tot 1981: *International Financial Statistics*, IMF, Washington, DC, Maart 1978 en Februarie 1983.

het in werklikheid 2,5 persent beloop, vergeleke met die laagste syfer van 6,0 persent vir Oostenryk en die hoogste syfer van 17,3 persent vir Griekeland. Suid-Afrika se lae verhouding gedurende hierdie tydperk was egter grootliks te danke aan die aansienlike oorskotte op die lopende rekening van die betalingsbalans wat

hoofsaaklik met die skerp toenames in die goudprys sowel as in ander uitvoerpryse verband gehou het. Indien die verhoudings in die tydperk 1956 tot 1976 vergelyk word, het Suid-Afrika saam met Griekeland, Finland en Nieu-Seeland die hoogste verhoudings gehad. Indien dit verder in aanmerking geneem word dat Griekeland en Nieu-Seeland van 1956 tot 1976 betreklik hoë groeikoerse in reële bruto binnelandse produk behaal het, is die aanduidings dat Suid-Afrika en Finland tussen die uitgesoekte lande in besonder van buitelandse kapitaal afhanglik was.

In die na-oorlogse tydperk het Suid-Afrika se tekort op lopende rekening as 'n persentasie van bruto binnelandse investering skerp geskommel. In die jare onmiddellik na die oorlog was hierdie verhouding hoog vanweë die ontwikkeling van nuwe goudmyne en het van 1947 tot 1951 gemiddeld 41,4 persent beloop. Daarna het hierdie verhouding skerp afgeneem en van 1959 tot 1963 is 'n oorskot op die lopende rekening aangeteken. Gedurende die tydperk 1964 tot 1976 het hierdie verhouding tussen -1,9 en 24,3 persent geskommel. Van 1977 tot 1980 het die lopende rekening weer 'n oorskot getoon, wat aandui dat Suid-Afrika gedurende hierdie tydperk 'n netto uitlener aan ander lande was, hoofsaaklik vanweë gunstige uitvoeropbrengste. In 1981 en 1982 was Suid-Afrika weer 'n netto lever van fondse uit die buitenland en in 1982 het die tekort op lopende rekening 14,1 persent van bruto binnelandse investering bedra.

Om die verskillende nywerheidsektore se afhanglikheid van buitelandse kapitaal te bepaal, word in tabel 3 die netto kapitaalinvloeiing na elke sektor as 'n verhouding van daardie sektor se bruto vaste investering uitgedruk. Hierdie tabel toon dat, met die uitsondering van

Tabel 3: Netto kapitaalinvloeiing as persentasie van bruto binnelandse vaste investering volgens tipe ekonomiese bedrywigheid, 1973 tot 1981

Tipe ekonomiese bedrywigheid	Netto kapitaalinvloeiing as persentasie van bruto binnelandse vaste investering			Jaarlikse gemiddelde persentasie groeikoers in reële bruto binnelandse produk		
	1973 tot 1981	1973 tot 1976	1977 tot 1981	1973 tot 1981	1973 tot 1976	1977 tot 1981
	1981	1976	1981	1981	1976	1981
Landbou, bosbou en vissery	0,1	—	0,1	5,1	5,5	3,6
Mynbou en steengroewery	0,8	10,1	-2,7	-0,3	-2,8	0,6
Fabrieksweise	6,8	43,5	-6,7	5,4	4,3	8,6
Elektrisiteit, gas en water	21,8	24,9	21,0	6,9	6,0	8,1
Konstruksie	-0,6	3,7	-1,6	1,5	3,0	2,2
Groot- en kleinhandel verversing en akkomodasie	-12,1	-2,2	-15,6	2,9	5,8	3,2
Vervoer, opbergting en kommunikasie	3,2	12,3	-2,2	5,8	5,9	6,7
Finansies, verzekering, vaste eindom en sakdienste	8,6	21,2	2,9	3,5	3,0	4,6
Algemene overheid	-1,8	6,3	-6,0	3,7	5,5	2,6
Ander	-11,8	-25,9	-0,5	3,4	4,1	2,3
Totaal	4,9	17,4	-0,4	3,7	3,7	4,7

die landbou, al die ander sektore met 'n betreklik hoë groei in 'n groot mate van buitelandse fondse gebruik gemaak het om hulle investering te finansier. So byvoorbeeld het die netto kapitaalinvloeiing as 'n persentasie van die bruto vaste investering van die sektor elektrisiteit, gas en water, wat van 1973 tot 1981 die hoogste jaarlike gemiddelde groeikoers in sy reële produk gehad het, gemiddeld 21,8 persent oor hierdie tydperk bedra. Insgelyks is 'n betreklik hoë verhouding in die tydperk van 1973 tot 1976 ook ten opsigte van die fabriekswese aangeteken, maar die hoë reële groeikoers in die fabriekswesesektor se reële opbrengs van 1977 tot 1981 is in 'n groter mate uit binnelandse bronne gefinansier. Ander sektore wat van 1973 tot 1981 netto gebruikers van buitelandse kapitaal was, het finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste; vervoer, opberging en kommunikasie; en mynbou en steengroewery ingesluit. In teenstelling hiermee, het die algemene owerheidsektor, die konstruksiesektor en die sektor groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie gedurende hierdie tydperk 'n netto uitvloeiing van fondse na ander lande ondervind.

Buitelandse kapitaal word nie slegs benodig met die doel om 'n betreklik hoë groeikoers te behaal nie, maar het ook ander belangrike voordele. Ten eerste kan deelnemende buitelandse ondernemings in die geval van groot projekte wat besteding aan navorsing vereis, in 'n beter posisie wees om hierdie uitgawes te absorbeer. Ten tweede gaan buitelandse deelname dikwels nie net slegs met die verskaffing van buitelandse kapitaal gepaard nie, maar ook met die benodigde kundigheid en meer gevorderde en moderne tegnieke wat meesal slegs in die hoogs geïndustrialiseerde lande beskikbaar is. Ten derde sal buitelandbeheerde organisasies gewoonlik beter toegang tot buitelandse markte hê as binnelandsbeheerde ondernemings. Ten slotte kan buitelandbeheerde ondernemings ook in 'n beter posisie wees om geskoonde immigrante na Suid-Afrika te bring.

Aan die ander kant is daar vir 'n land ook nadele verbonden aan die gebruik van buitelandse kapitaal, soos die toekomstige las wat dit op die land se betalingsbalans plaas in die vorm van rente, dividende en winste wat aan nie-inwoners betaal moet word. Buitelandse maatskappye wat in verskeie lande sake doen, stel dikwels slegs belang in produksie vir die binnelandse mark en mag ongeneë wees om uitvoerbevordering aktief te ondersteun. Ten spyte van hierdie nadele, is 'n land soos Suid-Afrika met groot natuurlike en arbeidshulpbronne van die beskikbaarheid van beleggingskapitaal vir vinnige ekonomiese vooruitgang afhanklik. Alhoewel Suid-Afrika in die gunstige posisie is om 'n groot gedeelte van sy kapitaalbehoeftes uit binnelandse bronne te bevredig, is dit nie heeltemal selfonderhoudend in die voorsiening van al sy kapitaalbehoeftes indien 'n betreklik hoë groeikoers oor die langer termyn verkry wil word nie. Die owerhede het dus nog altyd buitelandse kapitaal verwelkom en die binnelandse ekonomiese stelsel is betreklik vry van beperkende en diskriminerende maat-

reëls wat uitdruklik teen buitelandse beleggers gerig is.⁸

(b) Groei en struktuur van buitelandse belegging

(i) Groei in buitelandse belegging

As 'n weerspieëeling van die gunstige beleggingsmoontlikhede in Suid-Afrika, het die land se buitelandse laste van R2 746 miljoen, aan die einde van 1956 tot R32 490 miljoen aan die einde van 1981 of teen 'n gemiddelde jaarlike koers van 10,4 persent, toegeneem. In hierdie vyf-en-twintig jaar het die buitelandse laste elke jaar toegeneem behalwe in 1961 en 1979. In 1961 het dit effens gedaal vanweë die onttrekking van beleggings deur nie-inwoners na die politieke onrus in Swart dorpsgebiede. Op daardie tydstip het betreklik akkommodesrende valutabeheerregulasies met betrekking tot die oordrag van die opbrengs van verkope van Suid-Afrikaanse aandele deur nie-inwoners, die onttrekking van beleggings vergemaklik. 'n Aansienlike oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans, wat hoofsaaklik met skerp toenames in die pryse van goud en ander uitvoerprodukte verband gehou het, was grootliks vir die afname in die buitelandse laste in 1979 verantwoordelik. 'n Aansienlike deel van hierdie afname het bestaan uit die terugbetaling van laste verwant aan reserwes, wat vantevore verkry is om die buitelandse valutareserves aan te vul. Daarbenewens was daar 'n omskakeling van buitelandse na binnelandse financiering van die buitelandse handel, wat deur 'n hoë mate van binnelandse likwiditeit en aanmerklik laer rentekoerse in Suid-Afrika as in die vernaamste nywerheidslande aangespoor is.

Alhoewel toenames in buitelandse laste in bykans al die jare gedurende die tydperk onder beschouing aangeteken is, het die koers van toename aanmerklik geskommel, naamlik tussen -0,5 en 28,9 persent. Betreklike stabiele jaarlike groeikoerse is tot die middel van die sestigerjare aangeteken, maar daarna het groot skommelings voorgekom. Hierdie skommelings was te wyte aan verskeie faktore, insluitende die groeikoers in die binnelandse ekonomie, die toestand in die binnelandse kapitaalmark, die regering se leningsbehoefte, veranderings in monetêre beleid, marges tussen die rentekoerse in Suid-Afrika en dié in ander lande, veranderings in valutabeheerregulasies, ekonomiese beleidsmaatreëls wat deur ander lande ingestel is, die beskikbaarheid van kapitaal in buitelandse markte, en werklike en verwagte wisselkoersveranderings.

Van 1956 tot 1964 het Suid-Afrika se buitelandse laste teen 'n redelike stabiele koers toegeneem, wat op 'n

⁸ Du Plessis, J.C.: *Op.cit.*, pp.193-200, Pace, Robert P.: "Legal Aspects of Foreign Investment in South Africa", *The Comparative and International Law Journal of Southern Africa*, Maart 1968, pp.22-48 en Van der Merwe, S.W.: *Address on the Occasion of the Italian Machinery Exhibition at Milner Park*, Johannesburg, 21 Februarie 1980, pp.4-5.

betreklik lae jaarlike gemiddelde van 3,2 persent te staan gekom het. Vanaf 1965 het die koers van toename in buitelandse laste egter betekenisvol versnel en hoë vlakke in 1971, 1974 tot 1976 en 1981 bereik. Aanvanklik het hierdie versnelling verband gehou met 'n vinniger reële groeikoers in die binnelandse ekonomie en die feit dat valutabeheerbeperkings op binnelandse lenings deur buitelandbeheerde maatskappye sedert 1968 'n skerp toename in die herbelegging van buitelanders se aandeel van maatskappyverdienses tot gevolg gehad het. Vanaf die begin van die sewentigerjare het die overheid in sekere jare aansienlike bedrae in die buitenland geleent, en overheidsondernemings en openbare korporasies het ook van buitenlandse lenings gebruik gemaak om infrastrukturele ontwikkeling te finansier. Daarbenewens het die monetêre owerhede in sommige jare groot bedrae aan korttermynfondse in die buitenland geleent ten einde die vlak van die goud- en ander buitenlandse reserwes te ondersteun.

Die toename in die buitenlandse laste gedurende die vroeë sewentigerjare het saamgeval met 'n skerp toename in die kapitaalintensiteit van die produksieproses in die ekonomie, op 'n tydstip toe die binnelandse spaargeneigdheid afgeplat het. Die laer koers van binnelandse besparing was hoofsaaklik te wye aan 'n afname in persoonlike besparing in verhouding tot die bruto binnelandse produk, wat onder andere uit 'n herverdeling van reële inkomste ten gunste van die laer inkomstegroepe en 'n skerp toename in die inflasiekoers voortgespruit het. Terselfdertyd het die gemiddelde kapitaal-arbeidsverhouding teen konstante 1975-prys van R7 783 in 1970 tot R9 498 in 1976, of teen 'n gemiddelde jaarlike koers van 3,4 persent, toegeneem. Die gesamentlike invloed van hierdie faktore was 'n toenemende afhanklikheid van buitenlandse kapitaal.

Die dalende neiging in bruto binnelandse besparing is in 1977⁹ gestuit en as 'n verhouding van die bruto binnelandse produk het dit van 1977 tot 1981 gemiddeld 30,6 persent per jaar beloop, vergeleke met 24,6 persent gedurende die tydperk 1970 tot 1976. Hierdie verandering was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n aansienlike stygging in maatskappybesparing wat met die toename in winsgewendheid vanweë aansienlike stygings in die goudprys en ander uitvoerprysse verband gehou het. Alhoewel die toename in kapitaalintensiteit gedurende die tydperk 1977 tot 1981 voortgesit is, het die koers van toename in die gemiddelde jaarlike kapitaal-arbeidsverhouding tot 2,2 persent verlangsaam. Die skerp stygging in bruto binnelandse besparing was voldoende om die toename in investering wat tot aan die begin van 1981 voorgekom het, te bevredig, en het sodoende die groei in buitenlandse laste beperk. Daarbenewens is die toename in buitenlandse laste beperk deur 'n kapitaaluitvloeiing wat deur die politieke onsekerheid in 1977 aan die gang gesit is.

⁹ Suid-Afrikaanse Reserwebank: *Kwartaalblad*, Maart 1978.

(ii) Regstreekse teenoor onregstreekse buitelandse belegging

Die versnelling in die koers van buitelandse belegging in Suid-Afrika, in besonder vanaf die begin van die sewentigerjare, het aanvanklik gepaard gegaan met 'n dalende verhouding van totale buitelandse belegging bestaande uit regstreekse belegging, dit wil sê die belegging deur buitelanders wat 'n beherende belang in organisasies in Suid-Afrika het.¹⁰ Nadat die verhouding van regstreekse belegging tot totale buitelandse belegging bykans onderbroke van 49,6 persent aan die einde van 1956 tot 61,1 persent aan die einde van 1969 toegeneem het, het dit aan die einde van 1976 aansienlik tot 41,4 persent gedaal. Vervolgens het dit weer effens tot 45,9 persent aan die einde van 1981 toegeneem. Waar die verhouding van regstreekse belegging gedurende die sewentigerjare konsekwent hoër as die van onregstreekse belegging was, het laasgenoemde gedurende die sewentigerjare vinniger gestyg en het dit in 1975 begin om die verhouding van regstreekse belegging te oorskry.

Tabel 4: Verhouding van regstreekse en onregstreekse belegging tot totale buitenlandse belegging soos op uitgesoekte jaareindes %

Aan die einde van	Regstreekse belegging	Onregstreekse belegging	Totale belegging
1956	49,6	50,4	100,0
1961	52,5	47,5	100,0
1966	57,6	42,4	100,0
1969	61,1	38,9	100,0
1971	54,5	45,5	100,0
1976	41,4	58,6	100,0
1981	45,9	54,1	100,0

Alhoewel onregstreekse belegging van 1969 tot 1976 teen 'n vinniger koers as regstreekse belegging gestyg het, het die gemiddelde jaarlike groeikoers van regstreekse belegging van 8,0 persent in die tydperk 1956 tot 1969 tot 12,2 persent in die tydperk 1969 tot 1976, en tot 12,5 persent in die tydperk 1976 tot 1981 gestyg. Ten spyte van toenemende politieke en sosiale druk op buitenlandse ondernemings om hulle beleggings aan Suid-Afrika te onttrek,¹¹ het die land voortgegaan om kapitaal van 'n meer permanente aard te trek. Alhoewel die versnelling in die koers van toename in regstreekse belegging deur nie-inwoners boonop in 'n groot mate die gevolg was van 'n toename in leningskapitaal, het die gemiddelde jaarlike groeikoers van reg-

¹⁰ Die eienaarskap van 25 persent of meer van die totale uitgereikte stemdraende aandeel of vergelykbare eienaarskap of stemreg. word as beheer beskou.

¹¹ De Loor, J.H.: *Foreign Investment in South Africa*, Toespraak gelewer by die Graduate School of Business Administration, Kaapstad, 9 Mei 1979, pp. 19 tot 23.

streekse belegging in die vorm van nominale aandelekapitaal nietemin versnel van 4,1 persent in die tydperk 1956 tot 1969 tot 7,3 persent in die tydperk 1969 tot 1976, en tot 9,2 persent in die tydperk 1976 tot 1981.

(iii) *Langtermyn- teenoor korttermynkapitaal*

'n Verdere kenmerk van buitelandse belegging in Suid-Afrika vanaf die einde van 1956 tot die einde van 1981, was dat dit gemiddeld uit bykans 80 persent langtermynkapitaal en effens meer as 20 persent korttermynkapitaal bestaan het.¹² Die veranderings in langtermynlaste het baie nou oorengekom met die veranderings in totale buitelandse laste en die koers van toename het vanaf die tweede helfte van die sestigerjare skerp versnel. In teenstelling met die taamlik gelykmatige toename in buitelandse langtermynlaste, het die koers van toename in buitelandse korttermynlaste van jaar tot jaar aansienlik geskommel en hierdie skommelings het vanaf die begin van die sestigerjare groter geword. Verskeie faktore het tot hierdie veranderings bygedra, insluitende ekonomiese beleidsmaatreëls, rentekoersverskille, werklike en verwagte wisselkoersveranderings, veranderings in die waarde van die goedere-invoer en die vlak van die goud- en ander buitelandse reserwes.

Tot 1979 het ekonomiese beleidsmaatreëls wat 'n regstreekse invloed op buitelandse korttermynlaste gehad het, hoofsaaklik bestaan uit valutabeheermaatreëls en maatreëls wat daarop gemik was om die relatiewevlak van rentekoerse in Suid-Afrika te beïnvloed. Van 1965 tot ongeveer die einde van 1967 is valutabeheer byvoorbeeld sodanig aangepas om buitelandse financiering van Suid-Afrika se internasionale handel aan te moedig. Vanaf die begin van 1968 is hierdie maatreëls egter weer verander om korttermyninvloeiings te ontmoedig, aangesien laasgenoemde wesenlik tot die uitbreiding van die geldvoorraad en onregstreeks tot die taamlik hoë inflasiekoers op daardie tydstip bygedra het. In 1974 het die owerhede weer 'n meer beperkende monetêre beleid nagestreef ten einde die binnelandse rentekoerse bô dié van ander lande te hou ten einde 'n invloeiing van korttermynkapitaal aan te moedig.

Vanaf 1979 is minder klem op valutabeheer geplaas om korttermynkapitaalbewegings te reguleer, omdat die klem verskuif het na markverwante wisselkoers- en rentekoersaanpassings.¹³ Daarbenewens is die koste van termynvalutatransaksies van tyd tot tyd verander om die beweging van korttermynkapitaal te beïnvloed. Hierdie instrument is die eerste keer op 18 April 1980 toegepas toe die Reservewebank die diskonto op termynvalutatransaksies op so 'n wyse verhoog het dat dit die

oorsese finansiering van die buitelandse handel aangemoedig het.

'n Ander faktor wat gedurende die sestigerjare wesenlik tot die skommelings in korttermynkapitaalbewegings bygedra het, was wisselkoersveranderings of, nog belangriker, verwagte wisselkoersveranderings wat tot vervroegings en vertragings in buitelandse betalings en ontvangstes gelei het. Wanneer 'n appresiasie van die rand verwag is, was invoerders geneig om hul betalings aan buitelandse leveransiers so lank as moontlik uit te stel om sodoende die maksimum voordeel van wisselkoersveranderings te verkry, terwyl 'n verwagte depresiasie van die rand tot 'n verskuiwing na binnelandse financiering van die buitelandse handel gelei het. Die onbestendigheid van wisselkoerse gedurende die afgelope dekade was dus 'n belangrike oorsaak van die periodieke groot skommelings in buitelandse korttermynlaste.

Veranderings in die waarde van die invoer het ook 'n betekenisvolle invloed op veranderings in buitelandse korttermynlaste gehad. 'n Toename in die waarde van die invoer lei gewoonlik tot groter gebruik van buitelandse kredietfasilitete wat tegnies beskou word as 'n invloeiing van korttermynkapitaal, terwyl 'n daling in die waarde van die invoer 'n uitvloeiing van korttermynkapitaal teweegbring. Aangesien hierdie veranderings in die invoer in die algemeen van die totale binnelandse ekonomiese bedrywigheid afhanglik is, gee dit aanleiding tot 'n sikliese element in korttermynkapitaalbewegings. Veranderings in die volume van die invoer weerspieël normaalweg ten nouste die sikliese veranderings in die binnelandse ekonomie. Alhoewel dit aanvanklik deur prysveranderings geneutraliseer mag word, lei dit gewoonlik tot ooreenstemmende veranderings in die waarde van die invoer en dus ook in die uitstaande buitelandse korttermynlaste.

Ten slotte was veranderings in die totale betalingsbalanspositie belangrike oorsake van die skommelings in buitelandse korttermynlaste. 'n Verswakkering van die betalingsbalanspositie lei normaalweg tot die verkryging van buitelandse korttermynlenings deur die monetêre owerhede om die vlak van die buitelandse valutareserves te ondersteun. Hierdie lenings het gedurende 1975, 1976 en 1981 belangrike bydraes tot die skerp toenames in buitelandse korttermynlaste gemaak. Name die betalingsbalanspositie verbeter, word die buitelandse korttermynlenings terugbetaal en dit lei tot 'n kleiner toename of 'n absolute daling, soos in 1979, in buitelandse korttermynlaste.

(iv) *Buitelandse belegging volgens tipe instelling*

Behalwe veranderings in die totale buitelandse belegging in Suid-Afrika, het die sektorale verspreiding van buitelandse laste vanaf 1956 opmerklik verander. Soos in tabel 5 aangetoon word, het die verhouding van die private sektor se buitelandse laste tot totale buitelandse laste in die middel van die sestigerjare begin daal en die koers van afname het tot die middel van die sewen-

¹² Langtermynlaste verwys na dié met 'n onbepaalde verval datum of met 'n vaste aflossingstydperk van 12 maande of langer. Korttermynlaste verwys na dié wat op aanvraag betaalbaar is of 'n vaste aflossingstydperk van minder as 12 maande het.

¹³ Hierdie beleidsverandering was in ooreenstemming met die aanbevelings van die *Tussentydse Verslag van die Kommissie van Onderzoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika*, Pretoria, Staatsdrukker, RP 112/1978.

Tabel 5: Verspreiding van buitelandse laste volgens tipe instelling soos op uitgesoekte jaareindes %

Aan die einde van sektor	Private	Sentrale regering en banksektor	Openbare korporasies en plaaslike owerhede	Totale buitelandse laste
1956	86,6	10,4	3,0	100,0
1961	84,2	13,7	2,1	100,0
1966	84,5	13,8	1,7	100,0
1971	80,1	13,5	6,4	100,0
1976	63,3	20,5	16,2	100,0
1981	68,2	17,8	14,0	100,0

Tabel 6: Samestelling van buitelandse langtermynlaste soos op uitgesoekte jaareindes %

Aan die einde van	Aandelekapitaal	Aandelepremie, reserwes en onverdeelde winste	Leningskapitaal	Ander buitelandse langtermynlaste	Totale buitelandse langtermynlaste
1956	25,1	47,5	23,4	4,0	100,0
1961	23,7	51,8	19,6	4,9	100,0
1966	20,6	60,1	14,5	4,8	100,0
1971	15,2	53,9	26,7	4,2	100,0
1976	8,6	42,7	46,3	2,4	100,0
1981	8,1	52,2	38,5	1,2	100,0

tigerjare opmerklik versnel. Die verhouding van die private se buitelandse laste het effens van 86,6 persent aan die einde van 1956 tot 84,5 persent aan die einde van 1966 gedaal. Hierdie afname het saamgeval met 'n klein toename in die verhouding van die sentrale regering en banksektor se buitelandse laste en 'n effense daling in die verhouding van openbare korporasies en plaaslike owerhede se buitelandse laste. Vanaf die begin van die sewentigerjare het die verhouding van die private sektor se buitelandse laste vinniger gedaal, naamlik van 83,7 persent aan die einde van 1970 tot 63,3 persent aan die einde van 1976. Hierdie daling het voorgekom ten spyte van 'n toename in die gemiddelde jaarlikse groeiikoers in die private sektor se buitelandse laste van 6,8 persent gedurende die tydperk 1956 tot 1970 tot 13,2 persent gedurende die tydperk 1970 tot 1976. Dit beteken dat die toename in die buitelandse laste van die ander twee breë sektore, naamlik die sentrale regering en banksektor en die openbare korporasie en plaaslike owerheidsektor, van die 1956-1970-tydperk tot die 1970-1976-tydperk selfs vinniger versnel het. Van 1976 tot 1981 het die sektorale verspreiding van buitelandse laste egter weer verander en die private sektor se verhouding het matig toegeneem, terwyl dié van die openbare sektor gedaal het.

(v) Samestelling van langtermynkapitaal

Die toename in Suid-Afrika se buitelandse langtermynlaste waarna hierbo verwys is, het gepaard gegaan met 'n aansienlike verandering in die samestelling van hierdie laste. So het die relatiewe belangrikheid van aandekapitaal aansienlik gedaal vanaf 25,1 persent van buitelandse langtermynlaste aan die einde van 1956 tot slegs 8,1 persent aan die einde van 1981. In teenstelling hiermee, het die verhouding van leningskapitaal tot totale langtermynlaste skerp toegeneem van 23,4 persent aan die einde van 1956 tot 46,3 persent aan die einde van 1976, en daarna het dit tot 38,5 persent aan die einde van 1981 gedaal. Die aandeel van nie-inwoners in die aandelepremie, reserwes en onverdeelde winste is 'n verhouding van totale langtermynlaste het van die

einde van 1956 tot die einde van 1981 rondom 50 persent geskommel.

Redes vir die daling in die verhouding van aandelekapitaal tot totale buitelandse langtermynlaste omvat waarskynlik veranderings in valutabeheerregulasies in Suid-Afrika en ander lande, die toenemende behoefté aan buitelandse leningskapitaal van openbare korporasies en politieke ontwikkelings.¹⁴ Vanweé die groot uitvloeiing van kapitaal op daardie tydstip, is die repatriasie van fondse wat in eienaarskapitaal deur nie-inwoners in Suid-Afrika belê is, in Junie 1961 geblokkeer. Alhoewel hierdie maatreël 'n verdere repatriasie van eienaarskapitaalbeleggings aan nie-inwoners voorkom het, het dit ook die invloeiing van nuwe buitelandse aandelebelegging ontmoedig.¹⁵ Gevolglik is hierdie valutabeheerraatreël daarna in verskeie opsigte aangepas. In Februarie 1976 is die sogenaamde effekterandstelsel ingestel waarvolgens geblokkeerde fondse wat by bankinstellings in Suid-Afrika gehou is regstreeks oordraagbaar geword het tussen nie-inwoners. Onder hierdie stelsel moes 'n nie-inwoner wat 'n belegging in ongenoteerde effekte in Suid-Afrika wou maak, sy fondse teen die amptelike wisselkoers in rand omskakel. Hierdie wisselkoers het gewoonlik 'n aansienlike premie in vergelyking met die wisselkoers van die effekterand getoon. As hierdie belegging egter verkoop is, moes die opbrengs teen die effekterandkoers gerepatrieer word. Hierdie stelsel het dus buitelandse belegging in ongenoteerde Suid-Afrikaanse effekte ontmoedig. Vanaf die einde van 1973 tot die einde van 1980 het die oppbetaalde nominale waarde van nie-inwoners se belegging in genoteerde effekte van R457 miljoen tot R431 miljoen gedaal.

¹⁴ Van der Merwe, E.J.: *Derde Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates: Resultate en implikasies vir die betalingsbalans*, Referaat gelewer by die Konferensie van Ekonomie en Bedryfs-ekonomie, Port Elizabeth, 29 November 1982.

¹⁵ Groenewald, B.P.: *The Availability and Cost of Capital to Finance Domestic Investment*, Toespraak by die Capex '83-konferensie van die Tegno-Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika, 28 Oktober 1982, p.13.

In die lig van hierdie en ander gebreke van die effekterandstelsel, is dit in Januarie 1979 vervang deur die finansiële-randstelsel, waarvolgens nie-inwoners toegelaat is om in genoteerde en ongenoteerde effekte sowel as in vaste eiendom teen die finansiële randkoers te belê. Wanneer hierdie beleggings verkoop is, moes die opbrengs teen die finansiële randkoers gerepatrieer word. Alhoewel hierdie stelsel baie voordele vergeleke met die vorige stelsels gehad het, het dit ook die invloeiing van nuwe buitelandse eienaarskapitaal ontmoedig. "It should be pointed out that investment in South Africa by non-residents with financial rand do not benefit the balance of payments. The mechanism only enables non-residents as a group to shift existing investments in South Africa from one application to another, ..." ¹⁶ Die finansiële-randstelsel is in Februarie 1983 afgeskaf en sedertdien is 'n enkelvoudigewisselkoers in Suid-Afrika van toepassing.

Valutabeheermaatreëls wat in Junie 1972 in die Verenige Koninkryk ingestel is en in Oktober 1979 afgeskaf is, het ook die belegging uit daardie bron in Suid-Afrikaanse eienaarskapitaal ontmoedig. In 1972 is die voormalige sterlinggebiedlande onderhewig gestel aan die regulasies wat op die sogenaamde beleggingspoel van toepassing was. Ooreenkomsdig hierdie regulasies, moes 'n inwoner van die Verenige Koninkryk wat buitelandse effekte wou koop, die buitelandse valuta verkry van ander inwoners wat buitelandse effekte verkoop het. Daar was dus in die Verenige Koninkryk twee markte vir buitelandse valuta, naamlik die amptelike mark waarin die meeste transaksies plaasgevind het en die beleggingspoel wat tot sekere spesifieke kapitaaltransaksies beperk was. Hierdie kapitaaltransaksies het bestaan uit portefeuiljebeklaring in buitelandse effekte, beleggings in vaste eiendom in die buiteland en regstreekse beleggings in buitelandse effekte wat nie deur die amptelike mark toegelaat is nie. Slegs regstreekse beleggings wat deur buitelandse lenings gefinansier is, of wat die betalingsbalans van die Verenige Koninkryk vinnig sou bevoordeel, kon in die amptelike mark verhandel word.

Hierdie beperkende maatreëls is in Maart 1974 verder verskerp toe daar besluit is om die bepaling aangaande die 25 persent prysgawe, wat reeds vir ander lande gegeld het, ook op Suid-Afrika en die res van die voormalige sterlinggebiedlande van toepassing te maak. Volgens hierdie reël moes 25 persent van die buitelandse valuta wat uit die verkoop van portefeuiljebeklaring verkry is, in die amptelike mark verkoop word, terwyl die oorblywende 75 persent in die beleggingspoel verkoop moes word. Sodoende is die aanbod van beleggingsvaluta verder verminder. As gevolg van hierdie maatreëls is die netto aankope van Suid-Afrikaanse effekte deur inwoners van die Verenige Koninkryk wat

tot Junie 1972 voorgekom het, deur netto verkope gedurende die volgende sewe jaar gevolg.

'n Verdere faktor wat tot die daling in die relatiewe belangrikheid van buitelandse aandelekapitaal bygedra het, was die opmerklike toename in die vaste investering deur die openbare korporasies en die gepaardgaande groter leningsbehoefte van hierdie instellings. Van 1956 tot 1981 het die bruto vaste investering van openbare korporasies teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 11,8 persent toegeneem, vergeleke met 5,1 persent in die geval van die private sektor se bruto vaste investering. Die kapitaalprojekte van die openbare korporasies is in 'n groot mate met buitelandse fondse, gedeeltelik in die vorm van verskafferskrediet, gefinansier.

Ten slotte het politieke faktore waarskynlik ook tot die verandering in die beleggingspatroon van nie-inwoners bygedra. Politieke onsekerhede was aan die begin van die sestigerjare in 'n groot mate verantwoordelik vir die kapitaalvloeiing wat op daardie tydstip ondervind is. Vervolgens is toenemende druk op buitelandse organisasies met uitgebreide¹⁷ belang in Suid-Afrika uitgeoefen om hul beleggings in hierdie land te likwideer. Baie instellings het op hierdie druk gereageer deur voorkeur te gee aan kort- en middeltermynbeleggings in Suid-Afrika, in plaas van langtermynbeleggings van 'n meer permanente aard.

Die skerp styging in buitelandse langtermynlaste in die vorm van leningskapitaal het belangrike implikasies vir Suid-Afrika se betalingsbalans omdat dit 'n las verteenwoordig wat terugbetaal moet word en waarop kontraktuele rentebetalings gemaak moet word. In vergelyking met ander ontwikkelende lande, het die uitstaande leningsverpligtings van Suid-Afrika nietemin betreklik laag gebly en het dit aan die einde van 1981 R17 900 miljoen beloop. Insgelyks het rentebetalings as 'n verhouding van uitvoerverdienste in 1981 slegs 4,2 persent bedra, wat volgens internasionale standarde ook redelik klein is.¹⁸ Die verkryging van buitelandse leningskapitaal het ook belangrike voordele vir die Suid-Afrikaanse ekonomie ingehou, aangesien dit tot 'n vinniger groeikoers en die verbetering van die infrastruktur van die land bygedra het.

(c) Geografiese verspreiding van buitelandse belegging

Soos die meeste ander ontwikkelende lande, is Suid-Afrika tradisioneel van die nywerheidslande vir buitelandse kapitaal afhanklik. Met die uitsondering van Japan, is die lande waarvan buitelandse kapitaal afkomstig is daardie lande met wie noue handelsbetrekkinge gehandhaaf word. Gedurende die tydperk 1956 tot 1981 het verreweg die grootste gedeelte van buitelandse belegging in Suid-Afrika van die Europese Ekonomie

¹⁷ De Loor, J.H.: *op.cit.*, pp.20-24.

¹⁸ Volgens inligting wat deur die Internasionale Monetêre Fonds saamgestel is, het die gemiddelde verhouding van rentebetalings tot die uitvoer van goedere en dienste van nie-olie-ontwikkelende lande in 1981 ongeveer 12 persent beloop.

¹⁶ Stals, C.L.: *Foreign Investment in South Africa and the Financial Rand System*. Toespraak gelewer by die Beleggingskonferensie aangebied deur Simpson, Frankel, Hern, Kruger, Ing., 13 Februarie 1980.

Tabel 7: Verspreiding van buitelandse belegging in Suid-Afrika volgens geografiese gebied soos op uitgesoekte jaareindes %

Geografiese gebied	Aan die einde van					
	1956	1961	1966	1971	1976	1981
EEG-lande	71,3	68,3	65,5	63,8	57,2	55,1
Res van Europa	4,9	5,8	7,1	9,1	9,7	12,9
Noord- en Suid-Amerika	14,3	13,8	16,3	17,5	24,0	23,1
Afrika	2,6	3,8	4,9	3,8	2,6	2,4
Asië	0,9	1,0	1,4	1,9	2,0	3,6
Oseanië	0,5	0,6	0,7	0,7	0,4	0,7
Internasionale organisasies	4,8	5,9	3,3	2,4	3,2	1,6
Nie toegedeel nie ..	0,7	0,8	0,8	0,8	0,9	0,6
Totaal	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

se Gemeenskap (EEG) gekom, gevvolg deur die Amerika's en ander Europese lande. Slegs 'n klein gedeelte van die totale buitelandse belegging is deur beleggers van die ander drie vastelande gemaak.

Soos in tabel 7 aangetoon word, het die relatiewe aandeel van die EEG-lande in Suid-Afrika se buitelandse laste skerp gedaal van 71,3 persent aan die einde van 1956 tot 55,1 persent aan die einde van 1981. Hierdie afname het 'n vinniger toename in die laste teenoor lande in die res van Europa, Noord- en Suid-Amerika en, in 'n mindere mate, Asië weerspieël. In die besonder het die aandeel van lande in Europa buite die EEG van 4,9 persent aan die einde van 1956 tot 12,9 persent aan die einde van 1981 toegeneem, terwyl belegging deur lande in Noord- en Suid-Amerika van 14,3 persent tot 23,1 persent oor dieselfde tydperk gestyg het. In teenstelling hiermee, het die aandeel van ander lande in Afrika tot die middel van die sestigerjare toegeneem en daarna weer tot sy aanvanklikevlak gedaal. Die relatief laer koers van toename in die belegging van die laasgenoemde lande vanaf die middel van die sestigerjare was in 'n groot mate die gevvolg van strenger valutabeheermaatreëls wat vanaf daardie tyd in Zimbabwe (voorheen Rhodesië) ingestel is.

(d) Opbrengs op buitelandse belegging

Uit die bespreking hierbo is dit duidelik dat Suid-Afrika gedurende die afgelope vyf-en-twintig jaar in 'n gunstige posisie was om 'n aansienlike bedrag aan buitelandse kapitaal van ander lande te verkry. Alhoewel kommeroor die toekomstige politieke stabiliteit van lande in Suid-Afrika 'n negatiewe uitwerking op die invloeiing van kapitaal gehad het, het Suid-Afrika nogtans 'n relatief aantreklike gebied vir belegging gebly. In tabel 8 word die gemiddelde opbrengskoers op buitelandse belegging in Suid-Afrika vir verskillende tydperke aangetoon. Hierdie koers verwys na die verhouding van dividenden en rentebetmalings aan nie-inwoners en hulle aandeel in

Tabel 8: Gemiddelde opbrengskoers op buitelandse belegging in Suid-Afrika, 1957 tot 1981 %

Tydperk	Regstreekse belegging	Onregstreekse belegging	Totale belegging
1957—1961	6,5	6,5	6,5
1962—1966	6,3	6,6	6,4
1967—1971	7,1	6,7	6,9
1972—1976	5,5	7,4	6,5
1977—1981	5,6	8,2	7,0
1957—1981	6,2	7,1	6,7

tak- en venootskapswinste tot totale buitelandse belegging in Suid-Afrika, voordat daar vir nie-inwonersbelasting voorsiening gemaak is. Uit hierdie inligting blyk dit dat die gemiddelde opbrengs op buitelandse beleggings in Suid-Afrika in die tydperk 1957 tot 1981 betreklik stabiel tussen 6 en 7 persent gebly het.

Die opbrengskoers op regstreekse belegging het egter in die tydperk 1977 tot 1981 skerp gedaal tot slegs 5,6 persent, vergeleke met 7,1 persent in die tydperk 1967 tot 1971 en 6,2 persent in die tydperk 1957 tot 1981 in sy geheel. Hierdie daling gedurende die sewentigerjare was hoofsaaklik aan die betreklik lae ekonomiese groeikoers in Suid-Afrika gedurende die afgelope dekade toe te skryf. In teenstelling met die laer opbrengskoers op regstreekse belegging, het die opbrengskoers op onregstreekse belegging merkbaar toegeneem van 'n gemiddelde van 6,7 persent in die tydperk 1967 tot 1971 tot 8,2 persent in die tydperk 1977 tot 1981. Hierdie toename was hoofsaaklik toe te skryf aan hoër opbrengste op goudmynbeleggings as gevvolg van die styging in die goudprys en aan hoër rentekoerse wat gedurende die sewentigerjare op buitelandse lenings betaal is.

Om die opbrengs op buitelandse belegging in Suid-Afrika met die in ander lande te vergelyk, word die gemiddelde opbrengskoerse op die regstreekse belegging van die Verenigde State in sekere uitgesoekte lande vir die tydperk 1972 tot 1981 in tabel 9 vergelyk.¹⁹ Die keuse van die lande was weer eens tot ontwikkelende lande beperk, maar inligting oor die opbrengskoers in alle ander Afrikalande en 'n gemiddelde vir alle lande word ook gegee. Uit hierdie inligting is dit duidelik dat die gemiddelde opbrengskoers op regstreekse belegging van die Verenigde State in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1972 tot 1981 slegs effens laer was as die gemiddelde vir alle lande en heelwat laer as die van die ander lande in Afrika. By die beoordeling van hierdie syfers moet in aanmerking geneem word dat die op-

¹⁹ Die verdienste wat in hierdie vergelyking gebruik word, bestaan uit die aandeel van VSA-moedermaatskappye in die verdienste (netto na buitelandse inkomstebelasting) van hul buitelandse filiale plus netto rente op intermaatskappyrekenings, minus teruggehoue belasting in die buiteland. Hierdie inligting is dus nie met die opbrengskoerse wat in tabel 8 aangetoon word, vergelykbaar nie.

Tabel 9: Gemiddelde opbrengskoers op die Verenigde State se buitelandse regstreekse belegging, 1972 tot 1981

%

Land of gebied	%
Australië	14,5
Kanada	10,9
Nieu-Seeland	10,0
Noorweë	16,5
Spanje	9,9
Suid-Afrika	15,8
Ander Afrika	27,2
Alle lande	16,0

Bron: *Survey of Current Business*, verskeie uitgawes.

brengs op regstreekse belegging in Suid-Afrika gedurende hierdie tydperk in die algemeen laag was. Syfers vir die laaste helfte van die tydperk onder bespreking is ook deur die uitwerking van die hoër olieprys op die verdienste van petroleummaatskappye beïnvloed. Die verdienste van hierdie maatskappye was hoofsaaklik vir die algemene hoë opbrengskoers in die ander Afrikalande verantwoordelik. Suid-Afrika se opbrengskoers het egter baie gunstig vergelyk met die ander lande wat in die tabel ingesluit is.

'n Klassifikasie van die opbrengskoers op die regstreekse belegging van die Verenigde State volgens tippe ekonomiese bedrywigheid gedurende die tydperk 1977 tot 1981, toon dat die gemiddelde opbrengs in Suid-Afrika vir fabriekswese en mynbou en smelterye hoër was as die gemiddelde vir alle lande. In die geval van handel en finansies en versekering was die opbrengskoers op belegging in Suid-Afrika opmerklik laer as die gemiddelde vir alle lande. Dit is ook insigwend om daarop te let dat, met die uitsondering van mynbou en smelterye en fabriekswese, die opbrengskoers op regstreekse belegging van die Verenigde State in Suid-Afrika laer as die van die ander Afrikalande was. In be-

sonder is 'n hoë verdienste op beleggings in die petroleumnywerhede van ander lande in Afrika ontvang.

3. Suid-Afrika se belegging in ander lande

Soos reeds aangetoon, is Suid-Afrika 'n ontwikkelende land wat buitelandse kapitaal benodig om 'n gewenste reële ekonomiese groeikoers te kan handhaaf. Suid-Afrika is dus nie in 'n posisie om in enige groot mate in ander lande te belê nie en Suid-Afrikaanse inwoners word gewoonlik nie deur die owerhede aangemoedig om dit te doen nie. Die valutabeheerregulasies laat Suid-Afrikaanse inwoners nie toe om sonder die goedkeuring van die valutabeheerowerhede in die buitenland te belê nie. Goedkeuring word in die algemeen slegs verleen wanneer die goud- en ander buitenlandse reserwes voldoende is om sodanige belegging toe te laat; as gemeen word dat die buitenlandse beleggings nuwe Suid-Afrikaanse uitvoer tot gevolg sal hê wat binne 'n betreklik kort tydperk deur hoér uitvoerontvangste vir die verlies aan buitenlandse valuta sal vergoed; as die doel van die belegging is om bestaande uitvoer te beskerm of uit te brei; en as die belegging die uitvoer van Suid-Afrikaanse kundigheid sal bevorder. Ten tye van oormaat binnelandse likwiditeit is portefeuillebelegging by geleentheid deur die owerhede toegelaat as deel van 'n beleid van monetêre bestuur. Effektetrusts is byvoorbeeld in 1970 toegelaat om in buitenlandse aandele te belê.

(a) Groei en struktuur van buitenlandse bates

Ten spyte van die beperkende buitenlandse valutabeheermaatreëls, het Suid-Afrika se buitenlandse bates van R839 miljoen aan die einde van 1956 tot R5 632 miljoen aan die einde van 1977 toegeneem, voordat dit teen 'n nog vinniger koers tot R13 460 miljoen aan die einde van 1981 gestyg het. Hierdie versnelling was egter hoofsaaklik die gevolg van 'n verandering in die metode van waardering van die goudreserwes. Tot die einde van 1977 is die goudreserwes teen die toenmali-

Tabel 10: Gemiddelde opbrengskoers op die Verenigde State se buitenlandse regstreekse belegging volgens belangrikste ekonomiese bedrywigheid, 1977 tot 1981

	Mynbou en smelterye	Petroleum	Fabriekswese	Handel	Finansies en versekering
Australië	23,2	21,5	8,6	10,4	16,0
Kanada	11,2	14,1	9,2	9,5	8,6
Nieu-Seeland	*	*	9,7	10,7	16,9
Noorweë	6,7	28,6	12,6	10,1	...
Spanje	5,8	2,9	4,9	12,9	2,9
Suid-Afrika	25,0	*	18,4	12,3	11,2
Ander Afrikalande	*	38,9	14,7	13,9	13,0
Alle lande	13,7	23,9	12,6	14,6	14,6

*Syfers word nie beskikbaar gestel nie ten einde die bekendmaking van inligting oor individuele maatskappye te voorkom.

Bron: *Survey of Current Business*, verskeie uitgawes.

ge amptelike prys gewaardeer. Vanaf 1978 word die goudreserves maandeliks teen 90 persent van die gemiddelde van die laaste tien vasstellingspryse op die Londense mark gedurende daardie maand gewaardeer. Indien die goudreserves buite rekening gelaat word, het Suid-Afrika se buitelandse bates van 1956 tot 1981 nogtans teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 11,5 persent toegeneem.

Met die uitsondering van 5 jaar, is daar in elk van die jare gedurende die tydperk 1956 tot 1981 toenames in buitelandse bates aangeteken. Skerp skommelings het egter in die jaarlike groeikoers gedurende hierdie vyf-en-twintig jaar voorgekom. In die besonder het skerp toenames in 1961 en 1962 voorgekom vanweë 'n aansienlik groter herbelegging van verdienste op regstreekse belegging deur Suid-Afrikaners in ander lande. Hierdie toenames is waarskynlik op daardie tydstip deur die politieke onsekerhede aangespoor. Verdere skerp toenames is gedurende 1966, 1968, 1972 en 1975 aangeteken vanweë die betreklik hoëvlak van binnelandse likwiditeit in daardie jare, in besonder gedurende 1968. Van 1978 tot 1980 het die groeikoers van buitelandse bates aansienlik versnel, nie slegs as gevolg van 'n styling in die goudprys nie, maar ook vanweë aansienlike toenames in die herbelegde verdienste en in die buitelandse korttermynbates van die private sektor.

As 'n uitvloeisel van die klem op 'n beleid van uitvoerbevordering, het die styling in Suid-Afrika se buitelandse bates (uitgesonderd die goudreserves) gepaard gegaan met 'n ooreenstemmende skerp toename in die verhouding van regstreekse belegging tot totale buitelandse bates, naamlik van 36,5 persent aan die einde van 1956 tot 53,2 persent aan die einde van 1981. Die taamlik vinnige groei in beleggings in buitelandse organisasies waarby beheer betrokke was, was hoofsaaklik die gevolg van 'n aansienlike toename, teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 18,0 persent van die einde van 1956 tot die einde van 1981, in die herbelegde verdienste wat Suid-Afrikaanse beleggers toegeval het. Toenames in die besit aan aandele en langtermynleningskapitaal het ook tot die vinnige styling in buitelandse bates geleid.

Tabel 11: Verhouding van regstreekse en onregstreekse belegging tot Suid-Afrika se buitelandse bates* soos op uitgesoekte jaareindes %

Aan die einde van	Regstreekse belegging	Onregstreekse belegging	Totale belegging
1956	36,5	63,5	100,0
1961	46,7	53,3	100,0
1966	49,0	51,0	100,0
1971	43,5	56,5	100,0
1976	46,0	54,0	100,0
1981	53,2	46,8	100,0

*Uitgesonderd goudreserves.

landse regstreekse belegging bygedra. Gedurende die tydperk 1956 tot 1981 het aandele en langtermynleningskapitaal wat in organisasies in die buiteland belê is, onderskeidelik teen gemiddelde jaarlikse koerse van 8,8 persent en 14,7 persent toegeneem.

Veranderings in die samestelling van Suid-Afrika se buitelandse bates word in tabel 12 aangebeeld. Die toename in die relatiewe belangrikheid van buitelandse langtermynbates gedurende die tydperk 1956 tot 1981 het hoofsaaklik uit 'n skerp styling in herbelegde verdienste voortgespruit. Die verhouding van die aandelepremie, reserves en onverdeelde winste tot totale buitelandse bates (uitgesonderd goudreserves) het gedurende hierdie vyf-en-twintig jaar van 9,8 persent tot 34,6 persent toegeneem. Nadat die verhouding van aandelekapitaal tot totale buitelandse bates tot in 1961 'n stylingneiging getoon het, het dit begin daal, terwyl die verhouding van leningskapitaal gedurende die hele tydperk taamlik stabiel gebly het. Alhoewel skerp skommelings in buitelandse korttermynbates, uitgesonderd die goud- en ander buitelandse reserves, van tyd tot tyd voorgekom het, het die verhouding van buitelandse korttermynbates tot die totaal ook van die einde van 1956 tot die einde van 1981 'n stylingneiging getoon. Aan die ander kant het 'n kompensierende daling in die verhouding van buitelandse valutareserves tot die totale buitelandse bates van 1956 tot 1981 voorgekom.

Ten slotte is dit ook interessant om daarop te let dat die grootste gedeelte van Suid-Afrika se buitelandse bates deur die private sektor besit word. Hierdie sektor se aandeel van die totale buitelandse bates het van 1956 bestendig gestyg en het aan die einde van 1981 55,0%

Tabel 12: Samestelling van buitelandse bates* soos op uitgesoekte jaareindes %

Tipe bate	Aan die einde van					
	1956	1961	1966	1971	1976	1981
Aandelekapitaal	15,0	18,5	17,2	13,1	9,3	6,3
Aandelepremie, reserves en onverdeelde wins	9,7	15,5	25,3	25,7	26,9	35,0
Leningskapitaal	23,7	24,3	22,1	23,5	23,7	22,8
Ander langtermynbates	11,4	10,0	6,8	3,9	1,1	2,0
Totale langtermynbates	59,8	68,3	71,4	66,2	61,0	66,1
Buitelandse valutareserves	22,5	8,8	12,3	14,3	10,3	10,2
Ander korttermynbates	17,7	22,9	16,3	19,5	28,7	23,7
Totaal	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

*Uitgesonderd goudreserves.

persent bedra. Die aandeel van die openbare korporasies het ook skerp gestyg, veral gedurende die sewentigerjare. Die sentrale regering en banksektor se aandeel van die totale buitelandse bates het van 1956 tot 1981 egter merkbaar gedaal, hoofsaaklik vanweë die relatiewe afname in die buitelandse valutareserves.

(b) Geografiese verspreiding van buitelandse bates

Suid-Afrika se buitelandse beleggings was tradisioneel hoofsaaklik tot ander lande in Afrika en die EEG-lande beperk. Gedurende die tydperk 1956 tot 1981 het die verhoudings van beleggings in Afrika en die EEG-lande tot die totale buitelandse bates egter skerp gedaal, terwyl die verhouding van belegging in Noord- en Suid-Amerika aansienlik toegeneem het. Buitelandse bates in die Amerika's het in die besonder gedurende 1980 aansienlik toegeneem, maar hierdie toename het hoofsaaklik vanweë die verskuiwing van bates tussen multinasionale maatskappye plaasgevind. Alhoewel Suid-Afrika se buitelandse bates in die res van Europa van die einde van 1956 tot die einde van 1981 betreklik klein gebly het, het die verhouding van totale buitelandse bates matig toegeneem. In teenstelling hiermee, het slegs 'n onbeduidende gedeelte van die land se buitelandse bates, beleggings in Asië en Oseanië verteenwoordig.

Suid-Afrika se buitelandse belegging in die res van Afrika het grotendeels uit aandelekapitaal en herbelegde verdienste bestaan. Buitelandse bates in Afrika in die vorm van aandeelhouersbelang het oor die tydperk van die einde van 1956 tot die einde van 1981 relatief minder belangrik geword, as gevolg van die relatiewe toename in beleggings in die EEG-lande en die Amerika's. Aandele en herbelegde verdienste het ook 'n belangrike deel van Suid-Afrika se bates in die EEG-lande uitgemaak. Ander beleggings in hierdie lande het hoofsaaklik uit korttermynbates bestaan. Die struktuur van Suid-Afrika se bates in die Amerika's kom taamlik nou ooreen

Tabel 13: Verspreiding van Suid-Afrika se buitelandse bates* volgens geografiese gebied soos op uitgesoekte jaareindes

Geografiese gebied	Aan die einde van					
	1956	1961	1966	1971	1976	1981
EEG-lande	34,2	30,4	33,3	35,3	26,5	27,6
Res van Europa	1,7	2,7	4,5	8,0	9,7	5,1
Noord-en Suid-Amerika	12,5	9,3	10,9	11,3	17,4	30,2
Afrika	37,8	42,7	37,7	29,0	32,3	24,0
Ander, insluitende nie-toegedeelde poste	13,8	14,9	13,6	16,4	14,1	13,1
Totaal	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

*Uitgesonderd goudreserves.

met die van die bates in die EEG. Buitelandse korttermynbates van die sentrale regering en banksektor in die Amerika's was egter relatief belangriker as gevolg van die belangrikheid van die dollarbesit in Suid-Afrika se buitelandse reserves. Suid-Afrika se beleggings in Asië het hoofsaaklik bestaan uit leningskapitaal en krediet wat met uitvoertransaksies verband hou.

(c) Opbrengs op Suid-Afrikaanse beleggings

Die gemiddelde opbrengskoers op Suid-Afrika se beleggings in ander lande gedurende die tydperk 1957 tot 1981 word in tabel 14 aangetoon. Inkome op buitelandse bates bestaan uit totale ontvangste voor belasting op buitelandse beleggings en sluit nie herbelegde verdienste in nie. Uit hierdie inligting blyk dit dat Suid-Afrika gedurende die tydperk 1957 tot 1981 'n gemiddelde opbrengs van 5,7 persent op sy buitelandse bates ontvang het en dat die opbrengskoers vanaf die middel van die sestigerjare tot die middel van die sewentigerjare aansienlik toegeneem het, voordat dit in die tydperk van 1977 tot 1981 skerp gedaal het. Dit is ook duidelik dat regstreekse belegging baie winsgewender as onregstreekse belegging was, met 'n gemiddelde opbrengskoers van 8,4 persent teenoor 3,3 persent. Nadat die gemiddelde opbrengskoers egter gedurende die vyftiger- en sestigerjare aansienlik toegeneem het, het dit gedurende die sewentigerjare skerp gedaal en gedurende die jare 1977 tot 1981 'n gemiddelde van slegs 5,2 persent bedra. In teenstelling hiermee, het die opbrengskoers op onregstreekse belegging 'n effense stygende neiging getoon, maar het steeds ver onder dié op regstreekse belegging gebly.

Tabel 14: Opbrengskoerse op Suid-Afrika se buitelandse bates,* 1957 tot 1981 %

Tydperk	Regstreekse belegging	Onregstreekse belegging	Totale belegging
1957—1961	7,7	2,9	5,0
1962—1966	8,4	2,8	5,4
1967—1971	10,7	3,3	6,8
1972—1976	9,9	3,9	6,7
1977—1981	5,2	3,8	4,5
1957—1981	8,4	3,3	5,7

*Uitgesonderd goudreserves.

4. Samevatting

In die bespreking hierbo is aangetoon dat Suid-Afrika, as 'n ontwikkelende land, gedurende die tydperk 1956 tot 1981 steeds van buitelandse kapitaal gebruik gemaak het om 'n betreklik hoë reële ekonomiese groeikoers te kon bereik. Die netto internasionale verpligtinge van die land het derhalwe bykans ononderbroke toegeneem en die gemiddelde jaarlikse groeikoers het van die einde

van 1956 tot die einde van 1981 ongeveer 10 persent beloop. Gedurende die tydperk onder bespreking het Suid-Afrika se netto internasionale verpligtinge gemiddeld bykans 42 persent van die bruto nasionale produk bedra. Die behoefte aan buitelandse kapitaal het oor die afgelope vyf-en-twintig jaar aansienlik geskommel, afhangende van die ekonomiese groeikoers en die daar mee gepaardgaande finansieringsbehoefte, sowel as die lopende rekening van die betalingsbalans.

Nadat Suid-Afrika se buitelandse laste van 1956 tot 1964 teen 'n betreklik bestendige koers toegeneem het, het dit gedurende die tydperk 1965 tot 1981 skerp versnel. Aanvanklik was hierdie versnelling hoofsaaklik die gevolg van die vinnige ekonomiese groeikoers, insluitende die ontwikkeling van die infrastruktur van die land. Van 1970 tot 1976 het dit ook met die skerp toename in die kapitaalintensiteit en 'n gepaardgaande afplatting in die binnelandse spaargeneigdheid verband gehou. Hierdie toestand het egter vanaf 1977 aansienlik verander. Die koers van toename in kapitaalintensiteit het afgeneem en binnelandse besparing het skerp toegeneem, met die gevolg dat daar van 1977 tot 1980 betreklik lae koerse van toename in die buitelandse laste aangeteken is. In 1981 het 'n verswakkning van die totale betalingsbalanspositisie 'n tydelike toename in buitelandse lenings en dus ook 'n skerp stygging in totale buitelandse laste tot gevolg gehad.

Alhoewel Suid-Afrika se buitelandse laste gedurende die tydperk 1956 tot 1981 betreklik vinnig toegeneem het, het die jaarlikse koers van toename aansienlik geskommel as gevolg van die wisselvallige verloop van buitelandse korttermynlaste. In 'n sekere mate het skommelings in korttermynlaste ekonomiese beleidsveranderings weerspieël. Ten tye van 'n hoë mate van binnelandse likwiditeit was beleidsmaatreëls op die ontmoediging van die invloeiing van korttermynkapitaal gerig, terwyl dit in ander tye die doel was om die buitelandse finansiering van internasionale handel te bevorder. Rentekoersverskille, verwagte wisselkoersbewegings, veranderings in die waarde van die goedere-invoer en die vlak van die goud- en ander buitelandse reserwes het ook skommelings in buitelandse korttermynlaste veroorsaak. In teenstelling hiermee, het veranderings in langtermynlaste 'n bestendiger patroon getoon.

Belangrike strukturele veranderings in Suid-Afrika se buitelandse laste het in die tydperk 1956 tot 1981 voorgekom. Tot 1969 het die verhouding van regstreekse belegging tot totale buitelandse laste bestendig toege neem, maar daarna het dit tot die einde van 1976 skerp gedaal, hoofsaaklik vanweë verhoogde buitelandse lenings deur die sentrale regering en banksektor en die openbare korporasies. Daarna het regstreekse belegging tot aan die einde van 1981 weer vinniger as onregstreekse belegging toegeneem. Daarbenewens het 'n vinnige toename in leningskapitaal tot 'n aansienlike dal in die verhouding van aandelekapitaal tot totale bui-

telandse laste gelei. Die betreklik lae groeikoers in aandelekapitaal wat deur buitelandse beleggers voorsien is, was onder andere die gevolg van valutabeheerregulasiës wat in Suid-Afrika toegepas is, die Verenigde Koninkryk se beperkings op buitelandse belegging van 1972 tot 1979 en verskerpte politieke en ander druk op buitelandse maatskappye wat in Suid-Afrika belê.

Suid-Afrika het buitelandse beleggingsfondse hoofsaaklik van die meer ontwikkelde finansiële markte van die nywerheidslande verkry en, met die uitsondering van Japan, van lande met wie hy hegte handelsbetrekkinge het. Die gemiddelde opbrengskoers op buitelandse belegging in Suid-Afrika was taamlik stabiel en het goed vergelyk met die opbrengskoerse op regstreekse belegging van die Verenigde State in ander lande. Die gemiddelde opbrengskoers op die Verenigde State se regstreekse belegging in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1972 tot 1981 was egter aansienlik laer as die gemiddelde vir ander lande in Afrika, vanweë die skerp stygging in oliepryse en verhoogde winsgewendheid van oliemaatskappye.

Alhoewel belegging deur Suid-Afrikaners in ander lande aan valutabeheer onderhewig was, was daar nogtans 'n vinnige toename in Suid-Afrika se buitelandse bates gedurende die tydperk 1956 tot 1981. 'n Deel van hierdie toename het egter die hoë waarde van Suid-Afrika se goudreservewes weerspieël nadat 'n nuwe stelsel van waardering van die reserwes ingestel is en 'n aansienlike toename in die goudprys voorgekom het. As die goudreservewes uitgesluit word, het die ander bates ook taamlik vinnig toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n skerp toename in herbelegde verdienste wat Suid-Afrikaanse inwoners op hulle bestaande oorse beleggings toegeval het.

In ooreenstemming met die beleid van uitvoerbevordering, het Suid-Afrika se regstreekse belegging in ander lande teen 'n hoë koers as onregstreekse belegging toegeneem. As gevolg van die feit dat toenames in buitelandse bates van die betalingsbalanspositisie in sy geheel en die vlak van die goud- en ander buitelandse reserwes afhanklik was, het jaarlikse toenamekoerse in buitelandse bates groot skommelings getoon. Buitelandse bates is hoofsaaklik in ander Afrikalande, die EEG en die Amerika's gehou. Die opbrengskoers op buitelandse bates gedurende die tydperk 1957 tot 1981 was baie hoë in die geval van regstreekse belegging as in die geval van onregstreekse belegging.